

Pretoriana



TYDSKRIF

JOURNAL

VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

Prys R 3,00 Price

INHOUDSOPGAWE

	bladsy
Van die redakteur	2
Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria op 1 Oktober 1984	3
Pretoriana - Africana	3
Die familiebybel van President S.J.P. Kruger - <i>N.A. Coetzee</i>	4
Die gebou van die vroeëre Eureka-Sigaretfabriek in Pretoria - <i>Mevrou A. Hörstmann</i>	9
Die boek in Suid-Afrika en die firma J.L. van Schaik, 1914-1984 - <i>J. Ploeger</i>	15
Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (1), Die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg - <i>C. de Jong</i>	28
Vyftig jaar werksaamheid van Yskor, 1934-1984 - <i>C. de Jong</i>	32
1884-1984, Na die Konvensie van Pretoria die Konvensie van Londen - <i>C. de Jong</i>	36
Herdenking van Prins Willem I van Oranje te Pretoria in 1933 - <i>C. de Jong</i>	38
John Johnston Kirkness - <i>N.A. Coetzee</i>	40
'n Bewaringsplan vir Pretoria - <i>B. Cronjé</i>	47
Jan F.E. Celliers in besette Pretoria: Junie-Augustus 1900 - <i>A.G. Oberholster</i>	61

VAN DIE REDAKTEUR

Hierdie uitgawe van *Pretoriana* No. 86 is geredigeer deur 'n nuwe redakteur, nadat professor F.J. du Toit Spies weens sy leeftyd en gesondheid as redakteur en bestuurslid van ons Genootskap afgetree het. Hy was baie jare lank eresekretaris en daarna in 1983 en 1984 redakteur. Wyle Dr. Willem Punt het hom in *Pretoriana* Nos. 32-33, April-Augustus 1960, p.6, welverdiende lof as eresekretaris toegeswaai. Die Genootskap is hom besonder dankbaar vir sy dienste en sy artikels in *Pretoriana*.

Die eerste artikel in *Pretoriana* No. 86 is gewy aan die familiebybel van President S.J.P. Kruger wat deur Dr. N.A. Coetzee in Pretoria opgespoor is. Die lede van die Genootskap wens hom geluk met sy opmerklike opsporing.

Tydens die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 het Britse militêre graag uit Boerehuise die huisbybel saamgeneem. Ek het selfs êrens gelees dat die Britse opperbevelhebber lord Roberts dit spesifiek verbied het. In die loop van die 20ste eeu het die familie van dié militêre in Brittanje, Kanada, Australië, Nieu Seeland en ander Britse gebiede sommige van dié Bybels na Suid-Afrika teruggestuur, somtyds deur hulle aan die plaaslike Suid-Afrikaanse ambassade af te gee. Danksy die familieregister in die huisbybel kon 'n paar families wat so 'n gerepatrieerde Bybel voor die oorlog besit het, opgespoor word. Enkele van hierdie teruggestuurde Bybels word nou in museums uitgestal. Dit is verheugend dat ook dié huisbybel van Paul Kruger se plaas Boekenhoutfontein onopvallend maar geheel volledig na Transvaal terugekom het.

Verseke ander bydraes in *Pretoriana* No. 86 handel oor aktuele gebeurtenisse in 1984. Die artikel van Mev. A. Hörstmann van NASKO betref die gerestoureerde vroeëre Eureka-Sigaretfabriek wat in Junie 1984 as Pierneefmuseum in gebruik geneem is. 'n Artikel van Dr. J. Ploeger is gewy aan die boek in Suid-Afrika en die firma J.L. van Schaik 1914-1984. Dr. C. de Jong memoreer die sloping van die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg op 18 Julie 1984 in sy eerste bydrae in die reeks 'Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria'.

Ander bydraes herinner aan herdenkings wat in 1984 plaasgevind het, naamlik 'Vyftig jaar werksaamheid van Yskor, 1934-1984', 'Na die Konvensie van Pretoria die Konvensie van Londen, 1884-1984' en 'Herdenking van Prins Willem I van Oranje te Pretoria in 1933' in verband met die herdenking in 1984 van die Prins se sterfdag op 10 Julie 1584.

Verder het Dr. N.A. Coetzee geskryf oor 'John Johnston Kirkness', Dr. B. Cronjé oor 'n Bewaringsplan vir Pretoria' en Dr. A.G. Oberholster oor 'Jan F.E. Celliers in besette Pretoria: Junie-Augustus 1900'.

Dr. Oberholster beskryf Jan Celliers se gewaagde ontsnapping in vroueklere uit Pretoria. Hierdie waagstuk het die romanskrywer Stuart Cloete in sy roman *Rags of glory* oor die oorlog 1899-1902 geïnspireer. Hy vertel in Part 5, 'The Captains', in die hoofstuk 'A woman's clothes' hoe sy jong held Louis (Boetie) van Reenan in damesklere aan die Britse besettingsmag in Pretoria ontkom.

C. de Jong

**LYS VAN NAME VAN KOMITEELEDE VAN
DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA OP 1 OKTOBER 1984**

Dr. N.A. Coetzee	Voorsitter / Korrespondensie
Mnr. W.J. Punt	Vise-Voorsitter / Straatname / Waaksaamheid
Mev. M.L. Willmer	Sekretaresse / Skoolduine
Mnr. T.E. Andrews	Toerleier / Nuusbrief
Mev. M. Andrews	Toerorganiseerder / Finansies
Prof. C. de Jong	Pretoriana
Mev. A. Dreyer	Argief
Prof. H.C. Petrick	Grafte
Mnr. M. Emms	Funksies
Mev. I. Vermaak	Assistent Sekretaresse
Mnr. M. van Niekerk	Waaksaamheid
Mnr. N. Lemmer	Forte

PRETORIANA – AFRICANA

Aanbod van uitgawes van *Pretoriana* van vroeë en onlangse datum

Hoeveel geskiedenisboeke kan U vir R20,00 koop?

Miskien een, wat bestaan uit nog nie eens 200 bladsye nie.

Hoeveel Africana-boeke kan U vir R20,00 koop?

Waarskynlik nie eers een nie.

Hoeveel *Pretoriana's* kan U vir R20,00 koop?

Tenminste 80 uitgawes met meer as 2500 bladsye propvol met geskiedenis, foto's, belangrike data en kostelike stories.

Daar is stelle *Pretoriana's* met uitgawes vanaf die vroeë jare vyftig, by die Genootskap beskikbaar. Skryf 'n briefie aan Anton Jansen, Posbus 33704, Glenstantia 0010, Pretoria, of nog makliker, skakel sy kantoor nommer 70 6456 of na kantoortyd 47 5838 om 'n stel *Pretoriana's* te bestel.

Afsonderlike nommers is ook beskikbaar VANAF R0,50 per eksemplaar.

DIE FAMILIEBYBEL VAN PRESIDENT S.J.P. KRUGER

deur N.A. Coetzee

In sy boek PAUL KRUGER geskryf deur dr. D.W. Kruger, gewese professor in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Deel I (1825-83) (Dagbreek-Boekhandel (Edms.) Bpk, Johannesburg) vind ons op bl. 35 in voetnota no. 27 die volgende:

'Die name van al die kinders is te vind in die handskrif van Paul Kruger op die daartoe voorsiene bladsy van die familiebybel wat aan hom geskenk is op 27 Desember 1864 deur eerw. Karl Hohls van die Hermansburg-sending. Die Bybel was laas in besit van Israel & Kie, Amsterdam'.

Op bl. 82 in dieselfde boek vind ons die volgende voetnota no. 15:

*'Hierdie boek het 'n merkwaardige geskiedenis gehad. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is dit deur Piet Kruger, toe Veldkornet van sy wyk, aan Magato¹ vir veilige bewaring gegee. So is dit van vernietiging gered, want die woning en buitegeboue op Boekenhoutfontein is deur die Engelse beskadig en in 'n groot mate verwoes. Die sterk mure was gelukkig in staat om selfs kanonvuur te weerstaan. In April 1902, kort voor die vrede, het 'n Engelse patrollie die Bybel ontdek. Dit is meegeneem na Engeland waar dit in besit van lord Harmsworth gekom het. In 1949 is dit op 'n veiling van Sotheby's in Londen deur die Amsterdamse boekhandelaar Israel & Kie vir die bedrag van £155 opgekoop. In die Bybel was 'n los vel papier met die woorde: 'Lees Jeremia 29: 5' in Kruger se eie handskrif.² Self het hy ook die name van al sy kinders op die daartoe aangewese plek in die Bybel ingeskryf. Verder was binne die omslag ook briewe van sy seun Piet en 'n vraeformulier van die Gereformeerde Kerk. (Persoonlike ondersoek van skrywer (nl. D.W. Kruger) by die antikwaariaat Israel, Amsterdam). Vgl. artikel deur dr. J. Ploeger in *Historia*, Eerste Jaargang nr. 2 bl. 181-2'.*

Met my navorsing oor die Du Plessis-geslag sou ek graag insae wou kry in die name van al die kinders van Paul Kruger en sy tweede vrou Gezina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis, om die geboortedatums soos deur die vader neergeskryf te verkry.

Navraag by al die argiewe en museums in Suid-Afrika het bevestig dat die Bybel nérens by hulle bewaar word nie.

In 'n artikel in *Pretoriana* No. 80 ('Pretoria 125 jaar herdenkingsuitgawe') het skrywer 'n tentatiewe geslagsregister van Stephanus Johannes Paulus Kruger en Gezina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis saamgestel met die kinders se geboortedatums sover uit ander bronne saamgestel kon word. Die navraag by Israel en Kie, Amsterdam, het die volgende inligting verstrek:

'In antwoord op Uw schrijven d.d. 7 juli 1980 en 22 juli 1980 delen wij U mede dat wij de door U bedoelde bijbel inderdaad gehad hebben. Deze

is echter ongeveer 15 jaar geleden verkocht aan een Nederlander die naar Zuid-Afrika is gegaan. Zijn naam en adres weten we echter niet'.

Hier het die saak op 'n dooiepoint uitgeloopt en geen verdere inligting is verkry nie, niesteenstaande 'n ernstige oproep in hierdie uitgawe van *Pretoriana*. Die leserskring van *Pretoriana*, die amptelike mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria, is egter baie klein, ongeveer 500 lede op dié stadium.

Dr. C. de Jong wat die redaksie van *Pretoriana* in 1984 oorgeneem het, het opnuut 'n beroep deur verskillende media gedoen vir inligting oor die Bybel en deur wie dit bewaar word. Die dagbladpers, radio en ander media het die oproep gedurende die laaste week van September 1984 intensief oorgeneem, nadat alle bekende inligting van dr. N.A. Coetzee verkry is. Alle dank is aan die media verskuldig vir die belangstelling en ondersteuning verleen in die soektog. Dr. C. de Jong word ook bedank. Danksy hierdie veldtog is die Bybel opgespoor in Pretoria in besit van die seun van die immigrant wat dit van Israel en Kie. in Amsterdam gekoop het.

Die volgende inligting is in die Bybel te vinde.

1. In Paul Kruger se eie handskrif die name van sy kinders soos volg:

Casper Jan Hendrik 1847 22 Dec.
Catharina Helena 1849 9 Dec.
Jan Adriaan 1851 30 Junij
Elsie Franciena 1853 19 Maart
Gezina Susanna Frederika Wilhelmina 1855 7 Junij
Stevanus Johannes Paulus 1856 21 November
Anna Maria Aletta 1859 17 Maart
Stevanus Johannes Paulus 1861 23 Julij
Douw Gerbrandt } Tweeling 1862 11 Junij
*Nicolaas Jacobus }
Pieter 1864 4 October*
Sophia Magrieta 1866 28 October
Alida Berendiena 1868 7 September
Tjaart Andries Petrus 1873 9 October

2. *Die huisgesin van Piet Kruger gebore 4.10.1864
gehuud 1887 9 Januarie
met Cecilia Johanna Kruger gebore Eloff.
met al die kinders in Piet Kruger se eie handskrif ingeskryf.*
3. In sy eie handskrif die verklaring deur K. Hohls dat hy die Bybel aan Paul Kruger geskenk het:

*Zijn van mijn in
Hermansburg in Natal de 7 December 1864*

J. C. Kuyper

Lijf Van mijn, in mijn huis ge tint
Linnier der dourne

in het Jaar 1825 is ik geboren
den 10 October

in mijn vader Geziena de Zina
Kochter de Kuyper

in het Jaar 1831 den 5 mij
in mijn Zaar Casper Jan Kuyper

is geboren in het Jaar 1847 den 22 de 11
in mijn dogter Catharina Helena

is geboren in het Jaar 1849 den 9 de 11
in mijn Zaar Jan de Jan is geboren

is geboren in het Jaar 1851 den 30 de 11
in mijn dogter Elzabehtre is geboren

in het Jaar 1853 den 19 maart
in mijn dogter Geziena de Zina Kuyper

Willemina is geboren in het Jaar 1854
den 7 de 11

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1856 den 21 maart

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

in mijn dogter Anna Johanna Maria Kuyper
is geboren in het Jaar 1857 den 7 maart

in mijn Zaar Stevenus Johannes Kuyper
is geboren in het Jaar 1869 den 23 de 11

TRANSKRIPSIE VAN DIE NEWESTAANDE FOTOKOPIE VAN
PAUL KRUGER SE AANTEKENING

S J P Kruger

Lijs van mijn in mijn huisgezint

Zin auw der dommen

in het Jaar 1825 is ik gebooren

den 10 octoover

in mijn vrouw Geziena Zuzana

Vredrieka duplexies

is gebooren in het Jaar 1831 den 5 mij

in mijn Zoon Casper Jan Hendrik

is gebooren in het Jaar 1847 den 22 deetseember

in mijn dogter Catriena Helena

is gebooren in het Jaar 1849 den 9 deetseember

in mijn Zoon Jan Adriejan is gebooren

is gebooren in het Jaar 1851 den 30 Junij

in mijn dogter Elsie Vranciena is gebooren

in het Jaar 1853 den 19 Maart

in mijn dogter Geziena Zuzana Vredrieka

Willemiena is gebooren in het Jaar 1855

den 7 Junij

in mijn Zoon Stevanus Johannes Paulus

is gebooren in het Jaar 1856 den 21 november

in mij dogter Anna Johanna Mariia Aletta

is gebooren in het Jaar 1857 den 17 maart

in mijn Zoon Stevanus Johannes Paulus

is gebooren in het Jaar 1861 den 23 Julij

in ons tweling

{Dauw Gerdbrant } Zijn geboren
{in Niecolaas Jakobus } in het Jaar
1862 den 11 Junij

in mijn Zoon Pieter is gebooren

in het Jaar 1864 den 4 octoover

in mijn dogter Zoveja Margrieta

is gebooren in het Jaar 1866 den 28 october

in mijn dogter Alieda Berendiena

is gebooren op den 7 sevende september 1868

En mijn zoon Tijaart Andries Petrus

ben geboren En het jaar 1873 den 9 october

*Den Weledelen Heer P. Kruger, Kommandant-Generaal der ZAR
woonachtig in de district van Rustenburg
een teeken der eerbiedigheid van*

Uw vriend

K. Hohls

*Superintendent der Hermansburger
Sendelingsgenootschap in Afrika*

Dit is 'n Statebybel gedruk 1686

Hendrik en Jacob Keur, Amsterdam

by Marcus Doornick & Co.

Die Bybel is versier met koperbeslag op die hoeke van die omslag. Dit het nie 'n knip nie. Die buitemate in sentimeters is 45 x 29 x 12.

4. Die volgende aantekening voorin die Bybel in Engels:

This Bible was taken from the Hut of some kaffirs in April 1902 from Magatostadt¹ near Rustenburg Transvaal, South Africa, by some men of the 1st Sherwood Foresters whom I was ordered to send to the above Stadt (Kafir Village) to make prisoners certain Kaffirs who had been giving information to the Boers in the District. As this Stadt is quite near Piet Kruger's farm (son of the President) it is quite evident that they either stole it from his house or that it was given into their charge for safekeeping. Various other articles including carpets, pictures etc. were also found there.

G.F. de Pledge

The Sherwood Foresters

Commandant Magoto Wyk

Die Genootskap Oud-Pretoria is dankbaar dat hierdie Familiebybel van Paul Kruger opgespoor is, dit is in goeie hande en word baie mooi opgepas en gewaardeer. Die eienaar wil egter voorlopig anoniem bly vir praktiese oorwegings. Dank is aan hom verskuldig vir die insae wat skrywer in die Bybel gehad het en vir die kopie van die inligting wat in die Bybel te vinde is. Al die dokumente soos deur D.W. Kruger genoem is nog in die Bybel te sien.

1 Oktober 1984

Verwysings van C. de Jong, redakteur

1. Magato is ook die naam van 'n swart stam in Venda in Noord-Transvaal. Om verwarring met die stamhoof Magato by Rustenburg te voorkom skryf sommige daarom Magata, Magatostat en Magata'snek in Wes-Transvaal gelokaliseer.
2. Die teks van Jeremia 29 vers 5 lui: Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan.

DIE GEBOU VAN DIE VROEERE EUREKA-SIGARETFABRIEK

deur Mev. A. Hörstmann
(Vakkundige beampte van die Nasionale Kultuurhistoriese en
Opelugmuseum te Pretoria)

Stedelike plasing van die Eureka-Sigaretfabriek

Noordoos van Kerkplein in Vermeulenstraat is die pas gerestoureerde Eureka-Sigaretfabriek tussen twee groot geboue van beton en staal geleë.

Die klein baksteenrooi geboutjie met sy wit gepleisterde pilasters en lyste staan egter sy plek vol om sodoende 'n fokuspunt vanaf die noordoostelike hoek van Kerkplein te vorm. Hopelik sal dié gebou 'n integrale deel van 'n beoogde gerestoureerde Kerkplein en omgewing kan vorm.

Geskiedenis

Alhoewel die geskiedenis van die erf en gebou geensins opwindend is nie, vorm dit tog deel van 'n ouer Pretoria waarvan daar vandag min genoeg tasmare oorblyfsels is.

Erf 231 Vermeulenstraat se eerste eienaar was die bekende grondbesitter van Pretoria, J.H.M. Struben. Op 14 Maart 1865 verkoop hy die erf aan Pieter Waldeck. In 1883 word die erf in 'n oostelike en 'n westelike gedeelte verdeel met die erf waaroor dié artikel handel, die westelike deel. Twaalf November 1888 en die erf verwissel weer van eienaar. Dié keer is dit die kleurryke Alois Hugo Nellmapius wat die eiendom vir £1250 aanskaf. Dié Hongaar, 'n bekende nyweraar en grondbesitter in die Z.A.R., is op 6 Mei 1847 in Boedapest gebore. Vandaar verhuis hy eers na Wenen en toe na Nederland waar hy homself as siviele ingenieur bekwaam. In 1873 emigreer hy na Suid-Afrika. Hier begeef hy hom op vele terreine van die nywerheid soos die distillering van drank, die inmaak van vrugte, die vervaardiging van erdewerk en die smelting van ystererts. Hy neem deel aan die Sekhukhune-oorlog en die veldtog teen Mapog. Op sy plaas, Irene-landgoed, in die distrik van Pretoria doen hy ook veel vir die groei van landbou in Suid-Afrika. Op 28 Augustus 1893 kom hy te sterwe op sy plaas.

Die bekende Sammy Marks koop die erf vir £1175 van die boedel. Samuel Marks is in 1843 in Neustadt-Sugind, 'n provinsie van Suwalki, Litaue, gebore. In 1868 emigreer hy na Suid-Afrika en word 'n smous in Wes-Kaapland. Hy raak betrokke by vele mynbou- en nywerheidsaktiwiteite in Suid-Afrika soos die diamantdelwery in Kimberley, die goudstormloop aan die Witwatersrand, die sekondêre nywerheid in Johannesburg, die yster- en staalnywerheid in Vereeniging, die vrugteboerdery en Nellmapius se brouery. Sy plaashuis op Swartkoppies, oos van Pretoria, is tans in die proses van restaurasie deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Sy vriendskap met beide Paul Kruger en Cecil J. Rhodes het daartoe aanleiding gegee dat hy dikwels as bemiddelaar in politieke geskille moes optree.

Die Suid-Afrikaanse Brouery Bpk (ook bekend as 'Castle Breweries') koop in 1897 die erf vir £3000. In 1898 word die perseel verhuur aan Day en Macdonald, bouers en kabinetmakers. Volgens die waardasielys van die Pretoriase Stadsraad van 1903 was hulle waarskynlik gehuisves in 'n hout- en ysterwerks-winkel.

Peter Edwin Grant, 'n algemene handelaar, koop die gebou in 1903 vir £4500. Hy het moontlik die huidige gebou opgerig. Die waardasielys van die Stadsraad van 1905 toon aan dat verbeterings op die perseel bestaan uit 'n baksteengebou en buitegeboue. Die woord 'P.E. Grant' kan op die pediment-tjie op die fasade van die gebou uitgemaak word.

Die eiendom word aan die boedel van S.F. Richards vir £8910 verkoop. Grant word in 1904 saam met Pretoria Printing Works huurder. Arthur May en Kie neem in 1905 ook hulle intrek in die gebou. In 1906 verhuis Grant en word F. Mackintosh, 'n 'commercial broker agent', die huurder. Die Pretoriase Joodse klub huur in 1907 die gebou en in 1913 is dit die argitek A. Macgregor Ritchie wat in die gebou werksaam is. Gedurende die jare 1914 deel die argitek die gebou met E. Erskine en H. Ainsworth en Kie, laasgenoemde 'n betonkonstruksiematskappy.

Leendert te Groen koop die gebou in 1920 en begin sy sigaretfabriek onder die naam 'Eurekasigarette'. Te Groen is in 1877 in Arnhem, Nederland, gebore. Hy emigreer in 1896 na Suid-Afrika waar hy in 1899 'n tabak-saak dryf. Sy sigarette moes van 'n hoë kwaliteit gewees het, want op 1910 se Pretoria Landbouskou het hy eerste sowel as tweede prys verower. Die *South African Who's Who* van 1919/20 gee L. te Groen se adres as Vermeulenstraat 220 - dis dan die woonstel op die eerste vloer.

In 1935 word die eiendom verkoop aan die boedel van Robert Hamilton vir £6600 maar word op dieselfde dag vir £8500 aan die Unie van Suid-Afrika getransporeer. In 1982 word die gebou as monument verklaar.

Die struktuur van die gebou

Die groot waarde van die gebou lê nie soseer in sy geskiedenis nie, maar eerder in die fasade en die feit dat die gebou 'n woonstel bo 'n werk- en stoorarea omvat.

Die Eureka-Sigaretfabriek is 'n eklektisistiese samevoeging van klassieke stylelemente wat sterk herinner aan die laat Renaissance en vroeë Barok-argitektuur buite Italië, en is dus 'n goeie voorbeeld van die laat-negentiende euse argitektuur in Pretoria.

Hierdie harmonieuse samesmelting word veral in die fasade van die gebou gevind: Die simmetriese komposisie, 'n eienskap van die Renaissance en Barokontwerp, word slegs verbreek deur die amper losstaande regterkantse segment. Versierings in pleisterwerk bestaan uit 'n pediment met 'n gewelley,

veelvuldige kroonlyste en 'n entablement wat rus op Ioniese pilasters met siergroewe tot in die helfte van die pilasters. Op die entablement is kruikversierings wat ook kenmerkend van Renaissance en Barokargitektuur is. Bo die vensters is boë met booglyste.

Horisontaal word die gebou in drie areas gedeel: die dakkonstruksie van staal met twee dakkapelle, die boonste vloer met pilasters en vensters en die straatvlak met winkelvenster en -deur en 'n voordeur wat na die woonstel gaan.

Die grondplan behels die volgende:

'n Grondvloer bestaande uit die voorste winkel met die agterste stoorruimte waaruit 'n trap na die boonste vloer lei waar daar nog 'n stoorruimte is en dan die voorste area wat deur Leendert te Groen as 'n woonstel ingerig is. Die woonstel het egter 'n eie trap na onder wat na 'n buitedeur in die fasade lei.

Wysigings aan die gebou

Verskeie wysigings is deur die jare aangebring maar weens 'n tekort aan dokumentasie is dit nie altyd moontlik om te sê wanneer en deur wie hierdie verbouings gedoen is nie.

Voor 1920 was die baksteenwerk ongepleister, die dak het nog twee dakkapelle met houthortjies gehad, die winkelvensters en -deur het nog bestaan en die vensters in die oostemuur het uit houtrame bestaan.

Na 1920 is daar verskeie veranderinge aangebring:


Die rooi Kirkness-bakstene is waarskynlik vanweë vogindringing gepleister, die dakkapelle is verwyder en in dieselfde tyd is die hele dakbedekking vervang soos afgelei kan word uit die ongeskonde dakbalke en houtwerk, die vensters in die oostemuur se houtrame is vervang met staalrame, 'n kaggel in rooi baksteen met 'n skoorsteen is in die stoorruimte op die grondvloer aangebring, die noordoostelike hoek se vensters is toegebou om 'n hyser, wat later weer verwyder is, te huisves. Die noordemuur het 'n agterdeur na buite gekry en tussen die grondvloer se winkel en stoorruimte is 'n afskorting aangebring.

Na Te Groen se tyd is die winkelvensters en -deur met 'n imitasiesandsteenmuur vervang.

Restourasie

Volgens opnames deur die firma Davies, Honnet en Kie en die fotograaf Dotman Pretorius gedoen, was die gebou in 'n gehawende toestand voor daar met restourasie begin is.

Alhoewel dit op die oog af logies sou wees om die gebou na die Granttydperk te restoureer sou dit onprakties wees, aangesien die straatfront se pleisterwerk sowel as die bakstene vervang moes word - dus 'n aansienlik duur proses. Verder was die presiese groottes en posisies van die houtraamvensters aan die oostemuur onbekend. Daarenteen kon Mev. te Groen, weduwee van Leendert te Groen, opgespoor word om die Raad vir Nasionale Ge-



*Die gebou van die vroeëre Eureka-Sigaretfabriek van
L. te Groen aan die Vermeulenstraat te Pretoria
voor die restourasie
Foto: NASKO*



*Die gebou van die vroeëre Eureka-Sigaretfabriek van
L. te Groen aan die Vermeulenstraat te Pretoria
na die restourasie in sy huidige toestand*
Foto: NASKO

denkwaardighede en die argitekte, Stauch Vorster en Vennote, te voorsien van foto's en inligting uit die Te Groentydperk.

Daar is dus besluit om die gebou in detail te restoreer soos dit was na ongeveer 1920. In plaas daarvan om die gebou se gebruik as sigaretfabriek en woonstel te behou, sou die fabriek- en winkelgedeelte ingerig word as 'n kunsmuseum met die woonarea 'n 1920-woonstel. Dit het dan egter meegebring dat goedgekeurde veranderinge aangebring moes word om te voorsien in die behoeftes van 'n kunsgalery.

Huidige gebruik

Die galery word gebruik vir die uitstal van die Departement van Nasionale Opvoeding se Pierneefversameling en is bekend as die Pierneefmuseum. 'n Lewendige kunssentrum word vir die Pierneefmuseum beplan met filmvertonings, wisseluitstallings en lesings.

Voorts is die woonstel ingerig om die gees van die jare 1920 vas te lê, 'n unieke poging omdat dit 'n woonstel uit die twintiger jare behels en dus 'n bewys is dat museums hulle nie slegs bemoei met dit wat 100 jaar en ouer is nie.

Sodoende is hierdie kleinood uit ou-Pretoria bewaar om 'n integrale deel van Pretoria se kultuurlewe te vorm.

Bronne

Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I en IV; Nasionale Boekhandel Bpk Kaapstad 1968

Davies Honnet & Kie - opname

Pretorius, Dotman - foto-opname

Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede - navorsingsverslag

Stauch Vorster en Vennote - opname

DIE BOEK IN SUID-AFRIKA EN DIE FIRMA J.L. VAN SCHAIK (1914 - 1984)

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

1. Die boek in Suid-Afrika

Die geskiedenis van die boek in Suid-Afrika het met die aankoms van Jan van Riebeeck en die daaruit voortvloeiende stigting van die Blanke nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop begin.

In die beredeneerde katalogus *Boekspieël van Suid-Afrika/South Africa in Print* is die oudste periode in die geskiedenis van die boek in ons land die tydperk van die Nederlandse boek in Suid-Afrika genoem. Hierdie benaming is gekies omdat daar in die sewentiende en die agtiende eeu hoofsaaklik boeke, wat van Nederlandse oorsprong was, in die Kaapkolonie ingevoer en gelees is. In die negentiende eeu het hierdie invoer voortgeduur, maar terselfdertyd is - in 'n toenemende mate - Nederlandse boeke in ons land gedruk.¹

'n Duitse immigrant, Johann Christian Ritter, het in 1784 in Kaapstad aangekom. In sy besit was 'n klein handdrukkersie waarop hy biljette en almanakke gedruk het. Van sy werkstukke het 'n gedeelte van die *Almanach voor 't jaar 1796* bewaar gebly.

Die oudste boek wat deur V.A. Schoonberg aan die Kaap gedruk is, is 'n Nederlandse vertaling van 'n brief van die Londense Sendinggenootskap aan 'de Godsdienstlievende ingezetenen van de Caap'; dit dateer van 1799.²

'n Jaar later, op 16.8.1800 het die eerste uitgawe van die destydse Staatskoerant, die tweetalige *Kaapsche Stad Courant en Afrikaansche Berigter/The Cape Town Gazette and African Advertiser*, gedruk deur Walker en Robertson, in Kaapstad die lig gesien. Voor die end van die jaar het die destydse regering dié pers oorgeneem en was daar voorlopig geen onafhanklike drukker in die Kaapkolonie nie.³

Deur hierdie optrede is die monopolie om te mag druk, wat tydens die Nederlandse koloniale bewind en gedurende die Britse koloniale tydperk in ons geskiedenis tot 1828 gehandhaaf is, weer herstel. Britse immigrante, t.w. Thomas Pringle en John Fairbairn, sowel as die drukker George Greig, het 'n deurslaggewende rol in die stryd om die vryheid van die drukpers in die Kaapkolonie gespeel.⁴

Saam met die Britse oorname van die bewind aan die Kaap en later in Natal het die Engelse taal en die Engelse boek, ingevoer of in Suid-Afrika gedruk, sy intrede in ons land gedoen.⁵ Op letterkundige gebied was *The South African Journal* met Thomas Pringle en John Fairbairn as redakteurs, en gedruk te Kaapstad, die eerste Engelstalige letterkundige tydskrif wat in 1824 verskyn het.⁶

In die toekoms sou daar vir die Engelse boek in ons land 'n belangrike rol weggeleë wees.

'n Nuwe pad is in 1830 deur die Rynse sendeling Johann Heinrich Schmelten betree toe sy vertaling van Westerse Nederlandse kategismus in 'n etniese taal, t.w. die taal van die Nama-Hottentotte, op die pers van die Kaapstadse

drukker Bridekirk gedruk is.⁷ In die daaropvolgende jare het drukperse by sendingstasies, o.m. by Grahamstad en Loveday, 'n belangrike rol op die genoemde gebied gespeel.⁸

As gevolg van die Groot Trek en die daarop volgende stigting van die Boererepublieke en die Britse kolonisasie in Natal het die verspreidingsgebied en die verspreidingsmoontlikhede van die in Nederlands en Engels gedrukte boeke 'n aanmerklike vergroting ondergaan. In Bloemfontein is op 10.6.1850, nog onder Britse bewind, *The Friend of the Sovereignty and Bloemfontein Gazette* gedruk, terwyl op 25.9.1857 te Potchefstroom op die pers van Cornelis P. Moll die eerste eksemplare van die *Staats Courant* gedruk is.⁹

Moll se werk te Potchefstroom is o.m. deur die drukker J.P. Borrius voortgesit, terwyl sy seun - C.P. Moll Jnr. - die pers van sy vader in 1863 na Pretoria oorgebring het. In 1873 het J.F. Celliers die kontrak vir die druk van goewermentspublikasies te Pretoria van J. Cooper Rouse oorgeneem en op 8.8.1873 met die publikasie van *De Volksstem* begin.¹⁰

In 1875 is die bekende Albert Brodrick se digbundel *Fifty Fugitive Fancies in Verse* as die eerste boek in *De Volksstem-drukkery* gedruk.¹¹

Terwyl die wêreld van die boek in Suid-Afrika tot in die vroeë sewentiger jare van die 19de eeu hoofsaaklik deur Nederlands of Engels beheers is, het die eerste boek in Afrikaans, L.H. Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar*, in 1861 op die pers van J.S. Bold van Cradock die lig gesien.¹²

In 1875 het die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners die groot stoot aan Afrikaans as taal en ook aan die Afrikaanse boek gegee. Die eerste publikasies van die Genootskap is in Kaapstad gedruk om van 1878 af op die pers van die firma D.F. du Toit en Kie. te Paarl gedruk en deur dieselfde firma uitgegee te word.¹³ In 1895 is in *Die Patriot* meegedeel dat hierdie firma, behalwe honderdduisende boeke in Nederlands van ander uitgewers, self omtrent 'n honderd boeke in Afrikaans uitgegee en in totaal 81 000 van laasgenoemde publikasies oor die lengte en breedte van Suid-Afrika versprei het.¹⁴

Geleidelik het die Afrikaanse boek die oorhand oor die Nederlandse boek begin verkry. Teen 1910 het verskillende uitgewers, soos die HAUM (Kaapstad) en *Het Westen* (Potchefstroom) ongeveer 'n dosyn Afrikaanse boeke per jaar uitgegee. Hulle geledere is na 1910 deur die firma J.L. van Schaik (Pretoria, 1914), die Nasionale Pers (Kaapstad en Bloemfontein, 1917) en na die erkenning van Afrikaans as 'n skoolvak (1914) deur ou gevestigde firmas soos Maskew Miller en Juta (albei van Kaapstad) versterk.

Sonder om die aandeel van ander, ongenoemde uitgewers in dieselfde verband te onderskat, het prof. P.J. Nienaber bereken dat daar tussen 1861 en 30.6.1958 in totaal 12 559 Afrikaanse boeke die lig gesien het. Vanaf 1943 tot 1953 was daar 4 592 van hierdie boeke op die mark. Onder die genoemde totale aantal Afrikaanse boeke was daar 'n sekere aantal vertalings, o.a. 236 uit 'n totaal van 673 kinderboeke. Vrugbare Afrikaanse skrywers was tot op die genoemde einddatum o.m. Elsa Spence en Braam le Roux (elkeen 103), Johan van der Post (75), C.J. Langenhoven (51), Mikro (51),

C.L. Leipoldt (43) en C.M. van der Heever (38).¹⁶

Om die publiek van die hoeveelheid beskikbare leesstof in Afrikaans bewus te maak en om klagtes oor die skaarsheid van dié leesstof te ontsenu en die kennis oor die beskikbare Afrikaanse boeke te laat toeneem, is in 1936 'n Afrikaanse Boeketentoonstelling te Pretoria gehou.¹⁷

Van hierdie gepubliseerde titels, in die vorm van 121 bladsye, is 84 aan Afrikaanse boeke en die res aan die Nederlandse boek in en oor Suid-Afrika gewy. O.m. is dele van die eerste afdeling aan die vroegste geskrewe Afrikaans, die taal van die Maleiers, die ontstaan van Afrikaans, letterkundige eerstelinge in Afrikaans, die taalkundige bestudering van Afrikaans, woordeboeke, letterkundige kritieke, die drama, gedigte, letterkundige prosa en ontspanningslektuur, die Bybel, die Psalme en Gesange, geskiedskrywing, algemene en wetenskaplike prosa, kerkgeskiedenis, sosiologie, onderwys, natuurwetenskap, fisiologie en geneeskunde, landbou, huishoudkunde en kinderboeke gewy.

Dit toon oorduidelik aan watter groot vordering die Afrikaanse boek tussen 1861 en 1936 gemaak het.

2. Drukkers en uitgewers

Aan die hand van *Boekspeël van Suid-Afrika* en die *Katalogus van Boeke* (1936) noem ons hier 'n aantal Suid-Afrikaanse drukkers en uitgewers. Dikwels het sowel die drukker as die uitgewer aan een en dieselfde firma behoort. Met betrekking tot die tydperk 1825 - 1880 is in verband met die *Kaapkolonie* o.m. genoem: N.H. Marais, Kaapstad (1854), Smuts en Hofmeyr, Kaapstad (1874), C. Moll, Kaapstad (1838), Bridekirk, Kaapstad (1825), P.A. Brand, Kaapstad (1832), van de Sandt de Villiers, Kaapstad (1852), J.C. Juta, Kaapstad (1875), J.H. Collard, Kaapstad (1842), J.H. Hofmeyr, Kaapstad (1868), Smuts en Hofmeyr, Kaapstad (1877), D.F. du Toit en Kie., Paarl (1878), die H.A.U.M., Kaapstad (1906), J. en H. Pocock, Oudtshoorn (1909), Pike, Kaapstad (1857), die Wesleyan Missionary Press, Grahamstad (1834), die Mission Press, Lovedale (1899) en Saul Solomon, Kaapstad (1882).

Natal: J. Cullingworths (1850), D.B. Buchanan, Pietermaritzburg (1848), May en Davis, Pietermaritzburg (1857).

In die *Oranje-Vrystaat* was Thos White in 1854 die drukker van die *Gouvernements Courant*.

In verband met *Transvaal* kan o.m. die volgende genoem word: J.H. de Bussy, Amsterdam-Pretoria (1897), Von Levetzon, Vryheid (1893), 'The Press', Pretoria (1897), J.F. Celliers, Pretoria (1882), Höveker en Wormser, Pretoria (1897), 'De Volksstem'-drukkery, Pretoria (1904) en Wallachs, Pretoria (1923).

Hierdie weergawe is onvolledig, maar is slegs bedoel om - ten spyte van die tekortkomings - 'n indruk te gee op watter wyse, veral voor 1900, die drukkers- en uitgewersbedrywighe in ons land uitgebrei het. Soos reeds verdui-

delik is, het die werksaamhede van koerantdrukkerye en boekdrukkers dikwels hand in hand gegaan. Dit blyk o.m. uit die werksaamhede wat op die gebied van die druk van boeke deur 'n afdeling van *De Volksstem*-drukker te Pretoria verrig is.¹⁸

In ander gevalle, soos in dié van *The Standard en Diggers News Printing and Publishing Co. Ltd.* (Johannesburg), was in 1897 die werksaamhede o.m. op die druk van die *Standard and Diggers News*, die bind van boeke, die vervaardiging van kasboeke en die invoer van skryfbehoeftes e.d.m. toegespits.¹⁹

3. Boekhandelaars in die Zuid-Afrikaanse Republiek

Oor hierdie onderwerp beskik die skrywer, hoofsaaklik as gevolg van tydgebrek om koerante na te gaan, oor slegs 'n paar gegewens.

Uit die *Transvaal Book Almanac and Directory for 1877*, wat deur die bekende Fred Jeppe saamgestel is, blyk dit dat Johannes Philippus Borrius (Amsterdam, 1840 - Potchefstroom, 1892) te Potchefstroom, sowel as C.J. Juta te Pretoria onderneem het om, as boekhandelaars, die genoemde publikasie te help versprei.²⁰ Aschenborn het vasgestel dat Juta in 1875 reeds oor 'n uitruilbiblioteek beskik het.²¹

In 1889 het die oorspronklik Kaapstadse firma J.C. Juta en Kie. sowel 'n boekwinkel as 'n winkel vir skryfbehoeftes in Pritchardstraat, Johannesburg, besit en o.m. in die Kersfeesuitgawe van die *Transvaal Observer* geadverteer.²²

In 1895 het die Amsterdamse uitgewery en boekhandel, die firma J.H. de Bussy, 'n boekwinkel in die Transvaalse hoofstad geopen.²³ 'n Jaar later het Johan Adam Wormser (1845-1916), van Amsterdam, 'n besoek aan die Zuid-Afrikaanse Republiek gebring en besluit om boekwinkels te Pretoria en Potchefstroom te open.²⁴

4. Die firma Höveker en Wormser

Hierdie firma, wat in Amsterdam gevestig was, het oorspronklik aan die boekhandelaar H. Höveker behoort. Sy dogter is in 1870 met Johan Adam Wormser getroud. Wormser het na sy huwelik tot die firma toegetree wat in 1891 en daarna onder die naam *Boekhandel voorheen Höveker en Wormser* bekend gestaan het. Na sy besoek aan Transvaal het Wormser die beheer oor die takke te Pretoria en Potchefstroom aan sy gelyknamige seun Johan Adam Wormser (1870-1918) oorgedra. Die Pretoriase tak was aanvanklik in Kerkstraat-Wes gevestig. Uit 'n advertensie van 1897 blyk dit dat o.m. regsgeleerde werke, publikasies in Nederlands, Engels, Frans en Duits, skryfbehoeftes, tydskrifte, papier, kerk- en skoolbanke, sowel as etse, skilderye en akwarelle in voorraad gehou is of weekliks uit Nederland ingevoer kon word.²⁵

Van Wormser se hand het o.m. 'n bibliografie van die vernaamste boeke en kleiner tydskrifte verskyn wat tot kort voor 1900 in Nederlands, Engels, Frans en Duits oor Suid-Afrika versprei is.²⁶

Tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het Wormser aanvanklik diens gedoen as onderoffisier by die Pretoriase Spesiale Polisie om

daarna op 'n ongenoemde tydstip na Nederland te vertrek.²⁷

Na die oorlog het Wormser teruggekeer, sy bedryf hervat, maar o.m. meer belangstelling vir die joernalistiek as die boekhandel aan die dag gelê. Dit was vermoedelik een van die redes dat hy sy besigheid, wat in 1914 in Kerkstraat-Sentraal, Pretoria, gevestig was, aan die Nederlandse immigrant Johannes Lambertus van Schaik (1888-1965) verkoop het.²⁸

5. Die firma J.L. van Schaik

Johannes Lambertus van Schaik het die eerste lewenslig te Weesp, naby Amsterdam, Nederland, aanskou en sy vakkundige opleiding as boekhandelaar en uitgewer by die destydse bekende Amsterdamse firma J.M. Meulenhoff ontvang.

In 1911 het hy as 'n verteenwoordiger vir die firma J.H. de Bussy in Johannesburg aangekom en op 1.7.1914 die vroeëre boekwinkel van Höveker en Wormser te Pretoria oorgeneem. Pretoria het in 1910 die administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword, in 1911 36 000 blanke inwoners getel en met die bou van die destydse nuwe hoofposkantoor aan Kerkplein, die Uniegebou en die ampswoning van die goewerneur-generaal, aan die vooraand van uitbreiding gestaan wat tot op die huidige dag sou voortduur. In hierdie omgewing het ruim 'n maand voor die Eerste Wêreldoorlog die jong Van Schaik in 'n winkel in Kerkstraat-Sentraal begin met die verkoop van veral Christelike leesstof, tydskrifte en skryfbehoeftes.

In 1915 het hy in sy hoedanigheid as uitgewer sy eerste publikasie, 'n studie oor karakterkunde deur dr. S.O. Los (in Nederlands gedruk), uitgegee. 'n Jaar later het 'n paar werke, o.m. van C. Louis Leipoldt, G.S. Preller en dr. O'Kulis (Ds. Willem Postma) se werk *Die Eselskakebeen*, gevolg.

Op hierdie wyse het Van Schaik as 'n uitgewer feitlik vanaf die begin van sy langdurige loopbaan aan destydse jong, vooruitstrewende Afrikaanse skrywers 'n geleentheid gebied om hulle werke gepubliseer te kry en opgang onder hulle lesers te maak. Dat Van Schaik se keuse onder die skrywers en hulle voortbrengsels van 'n goeie insig getuig het, is reeds in 1917 bewys. In dié jaar het Jochem van Bruggen se *Teleurgestel* die jong Suid-Afrikaanse Akademie se eerste Hertzogprys-toekenning verwerf.

In dieselfde jaar het Van Schaik hom as uitgewer op die gebied van die Afrikaanse kinderboek begewe deur *Kaskenades van Klein Duimpie* (1917) te laat verskyn.

In 1918 het die *Gedenkboek uitgegeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika* die lig gesien. Hierdie werk, met sy sterk opvoedkundig-geskiedkundige inslag, is nog steeds 'n monument op die gebied van onderwys en opvoeding in Transvaal vanaf die begin tot die Vrede van Vereeniging. Behalwe dat Van Schaik belang gestel het in die geskiedenis van onderwys, het sy belangstelling ook uitgegaan na die behoeftes van die destydse onderwys deur reekse lees- en handboeke vir laerskole uit te gee. In dié verband is hy deur ervare onderwysers soos sy swaer, die latere dr. A.K. Bob, bygestaan.²⁹

In 1922 het van die hand van A.K. Bob en P.J. Kloppers die *Eerste Afrikaanse Skoolatlas* verskyn. Van hierdie eersteling, waarvan in 1964 die veer-



JOHANNES LAMBERTUS VAN SCHAIK
Foto: J.L. van Schaik Beperk, Pretoria

tiende druk gepubliseer is, is altesame 300 000 eksemplare versprei.

'n Jaar vroeër het die latere prof. dr. M.S.B. Kritzinger en dr. H.A. Heyns se eerste tweetalige woordeboek by Van Schaik verskyn. In 1972 het uit dié beskeie begin die woordeboekreeks tot tien gegroei. Van dié onontbeerlike handboeke het die totale verkoop tot die genoemde jaar die een-miljoenmerk oorskry.

Dr. A.H. Lugtenburg se *Geskiedenis van Onderwys vir die S.A. Republiek* (1836-1900) het in 1925 gevolg. In 1926 volg E.B. Grosskopf se treffer *Patrys-hulle* wat in die daarop volgende jare 46 keer herdruk is. In 1932 is, wat die ontspanningsboek vir dogters betref, die medewerking van Stella Blakemore verkry. Met *Die meisies van Maasdorp* as haar eersteling sou daar van die hand van hierdie skryfster meer as vyftig soortgelyke boeke volg.

Die verskyning van ds. C.F. Mynhardt se *Afrikaanse Bybelkonkordansie* (1934) was die begin van Van Schaik se bemoeienisse op die gebied van werke oor die godsdiens en die teologie.

As gevolg van die steeds groeiende bedrywighede van die firma as boekverkopers en uitgewers het die bestaande winkel te klein begin word en in 1936 is op die bestaande perseel die bekende *Librigebou* opgerig en betrek. Nog 'n gevolg van die firma se groei en aanhoudende bloei was die besluit wat in 1938 geneem is om die uiteenlopende funksies van die firma in 'n tweetal afsonderlike maatskappye, t.w. die *Van Schaik Boekhandel* en die maatskappy *J.L. van Schaik (Edms.) Beperk*, dit is die uitgewery, onder te bring.

Ofskoon die belangrikheid van die Nederlandse boek in Suid-Afrika behalwe vir sekere studiedoeleindes meer en meer afgeneem het, het die Duitse besetting van Nederland (1940-1945) en die daaruit voortvloeiende gebrek aan Nederlandse letterkundige werke vir hoërskole en universiteite tot die *Nederlandse Boekery-reeks* gelei.

Vroeër, tydens die Eeufeesjaar van die Groot Trek, het 'n bekende reeks populêr-wetenskaplike boeke onder die naam *Die Monument-Reeks* meer lig op sekere aspekte van die Afrikaner se kultuurlewe (geskiedenis, godsdiens, letterkunde, opvoedkunde, taalkunde, kuns) begin werp. Aan hierdie reeks het o.a. W. Hessels (A.H. Mulder), Sangiro, prof. dr. Gerrit Dekker, prof. dr. Abel Coetzee, prof. dr. Z.P. Groenewald, prof. dr. J.C. Coetzee, N.P. van Wyk Louw, prof. P.J. Nienaber en dr. P.C. Schoonees meegewerk. In dieselfde jare het o.a. dr. G.S. Preller se *Daglemier*, A.J. du Plessis se *Wit stede* en Albert Kuit se *Transvaalse Terugblikke* (1945) by die firma verskyn.

In 1942 het die firma vir die eerste keer 'n publikasie in 'n etniese taal, t.w. *Tsiri* van die Noord-Sotho-skrywer M.J. Madiba, die lig laat sien. Dit was die begin van 'n nuwe, tot vandag toe steeds toenemende arbeidsveld, naamlik die uitgee van publikasies in Noord-Sotho, Siswati, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa en Zoeloe. Skool- en ander boeke, o.m. 'n aantal woordeboeke, sou 'n deel van hierdie taak word.³⁰

Op grond van sy ononderbroke werkkrag, sy deursettingsvermoë en veelsydige inisiatiewe t.o.v. die uitbreiding van die boekbedryf in ons land het J.L. van Schaik in 1960 die welverdiende eretoekening van die Suid-Afrikaanse Akademie verwerf.

In 1964, by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die uitgewery,

het *Vyftig Jaar, Gedenkbundel saamgestel uit die publikasies van J.L. van Schaik Beperk by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die uitgewery 1914-1964*, sy verskyning gemaak.

Tereg kon die saïnesteller van hierdie bundel, mnr. J.L. van Schaik, in die voorwoord van dié gedenkuitgawe verklaar:

'In die jare wat verby is, het daar etlike honderde boeke by Van Schaik se uitgewery verskyn: opvoedkundige boeke, letterkundige werke, toneelstukke, romans, digbundels en jeug- en kinderboeke'.

In hierdie aanhaling is netsoos in hierdie bydrae slegs dele van die produksie-terrein gedek.

In die bundel is uittreksels van werke van dr. O'Kulis, J. Lub, Leon Maré, Jochem van Bruggen, G.L. von Wielligh, Sangiro, Marie Linde, E.B. Grosskopf, Gustav S. Preller, C.G. en S.B. Hobson, Stella Blakemore, Eugene N. Marais, Mikro, C.M. van den Heever, J. van Melle, Uys Krige, G.J. Joubert, Gerhard J. Beukes, Willem van der Berg, Eitemal, Minnie Postma en Chris Barnard opgeneem.

Watter vergesigte bied veral vir ouer lesers hierdie name van hulle wat elkeen op sy of haar besondere gebied aan duisende lesers in ons land en elders vrugbare, leersame en aangename ure besorg het. Hulle en ander het die Afrikaanse taal nie alleen op hegte grondslae geplaas nie, maar lewens as 'n taal in sy eie reg laat triomfeer.

Ongetwyfeld het die firma J.L. van Schaik tussen 1914 en 1964 'n belangrike aandeel in dié proses gehad.

Op watter wyse J.L. van Schaik sy taak as uitgewer beskou het, blyk uit die volgende digreëls van die Nederlandse digter Jacob Cats (1577-1660), wat aan die inhoud van die gedenkbundel vooraf gaan:

*'Met wysheyt kies en,
Geen moet verliesen,
Maer staegh volharden
Soo sal 't eens worden'.*

Johannes Lambertus van Schaik wat later deur sy twee seuns en opvolgers bygestaan is, het sedert 1914 die pad van kies en keur en van volharding gevolg. Hulle het deur volharding 'n bedryf opgebou wat 'n klinkende naam verwerf het onder die vooraanstaande uitgewerye in ons land.

Van hierdie prestasie getuig o.m. prof. dr. M.S.B. Kritzinger se *Plateatlas by die Afrikaanse Letterkunde* (Van Schaik, 1931) en *Die Afrikaanse Letterkunde in Beeld* (Tafelberg, Van Schaik) deur prof. dr. A.P. Grové wat in 1973 verskyn en getrou aan die tradisie deur die Wallachs Drukkery te Pretoria gedruk is.

Johannes Lambertus van Schaik was nie alleen 'n boekhandelaar en uitgewer nie, maar ook 'n geesdriftige versamelaar van Africana sowel as 'n versamelaar van Suid-Afrikaanse kunswerke. In 1965 het hy die Pretoriase Kunsmuseum met meer as honderd grafiese werkstukke van Pierneef vereer. As 'n kunsversamelaar het hy Hendrik Pierneef, Anton van Wouw en Pieter Wen-

ning onder sy vriende getel.^{3 1}

Pieter Wenning het in 1915 by die firma gewerk en sy seun Harco het later van dié verbintenis getuig:

'Mr. van Schaik proved to be not only an extremely humane person, but a most considerate and kind employer'.^{3 2}

Dit is onbekend hoeveel blywende vriendskappe Van Schaik met 'n groot aantal skrywers aangeknoop en behou het.

Ook in 'n landwyse kring het hy sy invloed laat geld om die Suid-Afrikaanse boekhandel en uitgewersbedryf op 'n doeltreffende grondslag te organiseer.

Sy waardevolle boekery het hy aan die Universiteit van Suid-Afrika maak en in Bloemfontein herinner sedert Mei 1984 die Van Schaik-kamer in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum aan sy lewe, sy werk en sy groot, veelsydige verdienstes.

Sy heengaan op 25.10.1965 is allerweë as 'n groot verlies beskou.

Vanjaar bestaan die firma Van Schaik sewentig jaar. Gelei deur mnre. Jan J. van Schaik en Hans van Schaik het die werksaamhede voortgegaan en tred gehou met die behoeftes van die hedendaagse lesende en studerende wêreld. Van hierdie strewe getuig o.m. die steeds groeiende aantal publikasies in etniese tale, sowel as werke oor ekonomie, finansies, staatsleer, kommunikasie-middels, land- en tuinbou, statistiek, volkekunde, lewenskuns en ontspanning.

Aan die bestaande tradisie herinner o.m. boeke vir die kleinspan, kinderboeke, jeugboeke, romans, verhale, poësie, drama, musiek, naslaan- en woordeboeke, geskiedkundige werke e.d.m.

Ons het dit as 'n aangename plig gevoel om, ofskoon dit uitermate sketsmatig is, die ontwikkeling van die tans jubilerende firma in sy onderskeie vertakkings en werksaamhede teen die agtergrond van die geskiedenis van die boek in Suid-Afrika te plaas.

Binne hierdie raamwerk het die Pretoriase firma Van Schaik tot vandag toe 'n belangrike rol gespeel.

In dieselfde jaar waarin die firma gestig is, het dr. G. Besselaar in sy *Zuid-Afrika in de Letterkunde* o.m. verklaar:

'De boekhandelaar en -uitgever is de tussenpersoon tussen letter, kunstenaar en publiek. Veel hangt er af van zijn optreden voor de verspreiding van een goed boek.'^{3 3}



Boekhandel J.L. van Schaik aan Kerkstraat-Oos te Pretoria in 1917

Foto: J.L. van Schaik Beperk, Pretoria

Johannes Lambertus van Schaik en sy opvolgers het in hulle optrede en werksaamhede die waarheid van hierdie woorde terdeë besef en die gedagte in die praktyk volgens hulle beste vermoëns tans sewentig jaar toegepas.



Daar is binne die beknopte bestek van hierdie bydrae veral nadruk gelê op die skrywers en boeke wat die stigter van die bedryf, wie se bekendheid tot ver oorkant die grense van ons land uitstrek, vergesel het.

In die afgelope jare, met 1965 as die beginjaar, het 41 titels van die *Libri*-reeks op die gebied van klassieke jeugliteratuur die lig gesien. Hierdie bekende reeks is sedert 1968 deur die *Van Schaik-toneelreeks* (19 titels) gevolg.

In die sestiger- en sewentigerjare het verskeie universitêre vakboeke verskyn, in 1975 het proff. D. Ziervogel en P.C. Mokgokong se *Groot Sotho Woordeboek* in 'n groot behoefte begin voorsien. Vyf jaar later het van prof. dr. S.A. Strauss en sy medewerkers 'n tweetal baanbreker-regskundige werke die lig gesien. Vanjaar het drie Van Schaik-publikasies die eerste drie plekke van die nuwe E.M. Ramaila-prys vir Noord-Sotho letterkunde verower.

'n Tydlank was een van die firma se embleme voorsien van prof. G. Besselaar se spreuk 'Jong Lewe Vol Strewe'. Dié slagspreuk geld vandag na 70 jaar nog.

In 1983 is 5019 publikasies, insluitende boeke en pamflette, in ons land gepubliseer met 'n samentlike oplaag van 25 miljoen.

Van hierdie publikasies was 2172 titels in Afrikaans, 1951 in Engels, 917 in etniese tale en die res in ander tale. Boeke in etniese tale het in totaal 8 miljoen eksemplare bedra en in dié opsig staan ons drukkers en uitgewers aan die voorpunt in ons wêrelddeel.^{3 4}

So het meer as drie eeue na die begin van die geskiedenis van die boek in Suid-Afrika, die boek in Suid-Afrika tot heil van al sy bevolkingsgroepe van krag tot krag gegaan.

In hierdie feitlik ongeëwenaarde opbloeï het vanaf 1914 tot hede die jubilerende firma J.L. van Schaik 'n belangrike aandeel gehad.^{3 5}

Ons beste wense vergesel hierdie firma op die pad vorentoe!

In sy oordrag-kennisgewing van 1.7.1914, waarin J.A. Wormser die oorname van sy boekwinkel deur mnr. J.L. van Schaik bekend gestel het, het hy o.m. sy kliënte versoek om sy opvolger te ondersteun en verklaar:

'Ik heb de overtuiging dat met de bekwaamheid en werkkraft die de Heer Van Schaik eigen zijn hij deze ten volle verdient en die ook zal verkrijgen.'^{3 6}

Hierdie aanprysing getuig van 'n vérsiende blik en 'n bykans profetiese getuienis, 'n getuienis wat in die komende jare selfs die visie van Wormser sou oortref.

Aantekeninge

1. Die genoemde publikasie het in 1952 te Kaapstad verskyn. Oor die Nederlandse boek p.49 e.v.
2. *Ibid.*, p.160.
3. *Ibid.*, pp.160-161.
4. *Ibid.*, p. 156 e.v.
5. Kyk o.m. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Cape Town, 1971, deel 4, p. 334 e.v.
6. *Boekspieël ...*, p. 126.
7. *Ibid.*, p. 129.
8. *Ibid.*, p. 129 e.v.
9. S.P. Engelbrecht (red.) e.a., *Pretoria 1855-1955*. pp. 332-333. J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers & Uitgewersmaatskappy Beperk (1873-1960)*, Pretoria 1960, p. 7.
10. *Pretoria 1855-1955*, pp. 333-334.
11. Ploeger en Orban, t.a.p., p. 30.
12. M.S. du Buisson (samesteller), *Die wonder van Afrikaans* (Johannesburg, 1959), p. 194, bydrae van prof. dr. P.J. Nienaber.
13. *Ibid.*, p. 195 e.v.
14. *Ibid.*, p. 197.
15. *Ibid.*, p. 198.
16. *Ibid.*, p. 203.
17. *Afrikaanse Boekweek, Onder beskerming van die Pretoriase Kultuurraad en die Universiteit van Pretoria, 17 tot 27 Junie 1936. Katalogus van Boeke*, Pretoria 1936, 121 pp.
18. Ploeger en Orban, t.a.p. p. 36-37.
19. H. Kuipers en H.C. de Bruyn Prince, *Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898*, Pretoria 1897, ongenommerde bladsy.
20. Herdruk Staatsbiblioteek, Pretoria. Titelblad. Die almanak was deur die firma P. Davis, Pietermaritzburg,gedruk, p. 79.
21. H.J. Aschenborn, *De Staatsbibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek 1887-1900* (Pretoria, 1965). Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, p.11.
22. *Transvaal Observer, Christmas Annual*, Pretoria-Johannesburg, Flavell, Braam and Co., Printers and Publishers, teenoor p. 37.
23. Nico S. Coetzee, *'n Halfeeu van Letterkunde uit Suid-Afrika*, Kaapstad-Pretoria, 1944, p. ii.
24. Vir meer besonderhede kyk *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Cape Town, 1975, deel II, p. 541-542.
25. *Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898*, Pretoria, 1897, onder advertensies. Die posbusadres: Posbus 724, Pretoria.

26. J.A. Wormser Jnr., *Een der oorzaken van den oorlog in Zuid-Afrika en iets over het onderwijs in Transvaal*, Amsterdam-Pretoria, 1900, p. 79-133.
27. *Ibid.*, p. 7,10.
28. Oor J.L. van Schaik o.m. C.J. Beyers (Hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Durban-Pretoria, 1981, deel 4, p. 752-753.
29. Dr. A.K. Bob se lewensbeskrywing en publikasies kom o.m. in die *Nuusbrief vir Oud-Oosteinders*, Pretoria, nr. 17, Augustus 1983, voor.
30. Die firma se katalogus vir 1984-1985 beslaan ongeveer sewe bladsye in verband met hierdie publikasies.
31. *Pretoria News*, 25.10.1965.
32. Harco Wenning, *My Father*, Cape Town, 1976, p. 711.
33. G. Besselaar, *Zuid-Afrika in de Letterkunde*, Pretoria, 1914, p. 244.
34. *Pretoria News*, 9.8.1984, p. 5, gegewens verstrek deur dr. H.J. Aschenborn, 'Important milestone for State Library'.
35. Tydens 'n jubileum-eetmaal en saamtrek wat die firma op 17.8.1984 by UNISA, Pretoria, gereël het, is die publikasie *1914.1984 70 Van Schaik. Grepe uit die Van Schaik-plakboek* aan die gaste uitgereik. Dié publikasie gee 'n oorsig van die firma se bedrywighede in die genoemde tydperk (met illustrasies).
36. Kyk aantekening 35.

HERINNERINGE AAN DIE NZASM IN EN OM PRETORIA (I)

deur C. de Jong

Komende herdenkings

Die jare 1980-89 is in Suid-Afrika ryk aan herdenkingsdatums. Ons het reeds die Eerste Anglo-Boere-oorlog in 1880-81 herdenk. Ons herdenk in 1984 die stigting van Barberton, die Konvensie van Londen as resultaat van die besoek van die Derde Transvaalse Deputasie aan Europa in 1884 en die begin van YSKOR se werksaamhede in 1934. Suid-Afrika sal in die komende jare aandag gee aan die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand en die stigting van Johannesburg in 1886, die stigting van die Kamer van Mynwese en die van die NZASM in 1887, die eerste omseiling en ontdekking van die Kaap die Goeie Hoop¹ deur Bartolomeo Dias in 1488, die Groot Trek in 1838, die aankoms van die Hugenote in 1688 en die stigting van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (tans Nedbank genoem) in 1888.

Die reeks 'Herinneringe aan die NZASM' is bedoel as voorbereiding van die herdenking van hierdie spoorwegmaatskappy. Dit is gestig te Amsterdam op 21 Junie 1887. Die nie-amptelike afkorting van die naam Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij² is in Suid-Afrika 'ZASM', maar die korrekte afkorting is NZASM (spreek uit: enzassem) en verdien die voorkeur. Daar is naamlik nog 'n ZASM, die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland te Amsterdam. Dit het in 1908 voortgekom uit die NZASM toe laasgenoemde opgehef is. Die ZASM was en is belangrik vir die finansiering van nie-amptelike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland.

Die spoorbrug van die NZASM aan die Maria van Riebeeckweg

Die geskiedenis van die NZASM is 'n kort, maar roemryke hoofstuk in die geskiedenis van Nederland en Suid-Afrika. Dit is in Nederland vrywel vergeet maar in Suid-Afrika gelukkig nie. Dit wag nog op 'n breedvoerige beskrywing. Die deeglike bouwerke van die maatskappy is oor Transvaal versprei en is vir 'n groot deel nog in stand en in gebruik.² Verskeie stasiegeboue, brûe en tunnels van die maatskappy is nasionale monumente en beskerm.

Op 18 Julie 1984 is die spoorbrug van die NZASM aan die Maria van Riebeeckweg wat vanaf die stasie na die Fonteinesirkel lei, ten dele opgeblaas om ruimte vir 'n padverbreding te maak. Pogings om die brug as een van die betreklik skaars herinneringe aan die NZASM in Pretoria te bewaar, het misluk.

Die spoorbrug met sy hoë, sierlike dubbelboë aan die twee eindes is in of omstreeks 1892 gebou oor die Apiesrivier toe die aanleg van die westelike deel van die Oossterlyn tussen Delagoabaai en Pretoria vanuit Pretoria begin het. Die bouaannemer se naam is tans vergeet en rus in die argiewe. Hy het baie deeglike werk gedoen, want die 25 kilo's ploffstof wat die sloper gebruik het om die oostelike boë op te blaas, was onvoldoende en 'n stootskraper moes help om die brugdeel te laat val. Nog maande ná die sloping

het die puin as mistroostige herinnering rondgelê. Iemand het eerbiedig 'n kring van puinfragmente om die puinhoop getrek. Mnr. Anton Jansen, oud-bestuurslid van ons Genootskap, het elke deelnemer aan die bustoer van die Stigting Simon van der Stel langs die Oosterlyn op 4–5 Augustus 1984 'n sakkie met brugfragmente as aandenking geskenk.

Die verdwene spoorbrug behoort tot die klein brûe van die NZASM. Dit het bestaan uit twee landhoofde van opgemesselde klip, elk met twee hoë ronde boë. In 1960 is die brug buite gebruik gestel omdat die Maria van Riebeeckweg aangelê sou word. Die hoë spoordyk wat grens aan die oostelike landhoof is oor 'n afstand van ongeveer 50 meter verwyder om ruimte vir die nuwe pad te maak. 'n Nuwe spoorbrug langs die ou brug is gebou om die nuwe pad te oorbrug.

Die westelike landhoof is onaangetas en daar is nog geen plan om ook dit te sloop nie. Dit vorm met sy twee boë nog 'n tasbare herinnering. Die staalverbinding tussen die twee hoofde is in 1914 geplaas om die eerste verbinding wat versterk moes word, te vervang. Dit is op 18 Julie afgesny en verwyder.

Verwysings


1. Die ou Griekse geskiedskrywer Herodotos vertel 'n verhaal dat die Feniërs in die 6de eeu voor Christus die suidpunt van Afrika omseil het, maar hy betwyfel die waarheid van die storie; ek ook.
2. Kyk die artikel van Robert C. de Jong. 'N.Z.A.S.M.-bouwerke langs die Oosterlyn', in *Restorica, Bulletin van die Stigting Simon van der Stel*, No. 15, April 1984, p. 26-31.



*Die ou spoorbrug van die NZASM oor die Apiesrivier by Pretoria
voor die aanlê van die Maria van Riebeeckweg in 1960-1961,
vanuit die noorde gesien*

Foto uit *Gedenkboek uitgegeven ter Gelegenheid van de feestelijke opening
van den Delagoabaaispoorweg*, Amsterdam 1895

Met dank aan T.E. Andrews



*Oostelike landhoof van die NZASM oor die
Apiesrivier - op 18 Julie 1984 gesloop -
vanuit die noorde gesien
Foto: T.E. Andrews*

VYFTIG JAAR WERKSAAMHEID VAN YSKOR

deur C. de Jong

In 1984 is dit 50 jaar gelede dat die bedryf van Yskor in Pretoria in werking gestel is en met die produksie van ru-yster begin het. Yskor is die gebruiklike afkorting van 'Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk', in Engels afgekort as 'Iskor'. Daarmee is in 1934 'n mylpaal in die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika bereik. Die nuusmedia het dan ook in 1984 ruim aandag aan hierdie gebeurtenis gegee.

Na aanleiding daarvan vestig ek die aandag op twee episodes in Yskor se omstrede voorgeskiedenis. Die eerste episode was die optrede van Cornelis Frederik Delfos (1868-1933) as propagandis en wegbereider van Yskor. Hy is gebore in Rotterdam, Nederland, in 1868 en opgelei as metaalbewerker en daarna as ingenieur. Toe Transvaal na die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand in 1886 ekonomies vinnig ontwikkel het, het hy en sy broer Johannes Jacobus Frederik dié land in 1890 besoek om die moontlikheid van 'n metaalbewerkingsbedryf na te gaan. Hulle het eers Philippolis in die suidelike Vrystaat besoek, vermoedelik om vriende te ontmoet. Dit verklaar dat Johan later ná hul vestiging in Pretoria met Mary Sem in die kerk te Philippolis getroud is. Mary se vader was immigrant uit Nederland en het tydens sy terugreis ná 'n verblyf in Nederland op die skip oorly. Mary het daarna by familie in Philippolis gewoon, tot sy met Johan getroud is. 'n Dogter van Johan en Mary, Johanna Geertruida, het op 5 Oktober 1984 in Pretoria haar 90ste verjaardag gevier, aldus *Nieuws van de Nederlandsche Vereniging te Pretoria*, Oktober 1984, p.10.

Cornelis en Johan Delfos het Pretoria en nie die opkomende mynstad Johannesburg as vestigingsplek gekies. Miskien het hulle geredeneer dat die mededinging in die hoofstad minder straf as in Johannesburg sou wees. Hulle het in 1892 met personeel uit Nederland teruggekeer, 'n werkswinkel op die noordooshoek van die kruispunt van Andries- en Vermeulenstraat gevestig en baie uiteenlopende werk verrig. In die oorlog in 1899-1902 het hulle krygstoerusting vir die republikeinse regering gemaak.

Die oorlog het onder Britse besetting hul bedryf stilgelé en die broers Delfos en hul gesinne is weggestuur uit Suid-Afrika. Hulle het na die oorlog die bedryf heropen, maar Johan het weens kwynende gesondheid na Nederland teruggekeer en daar in 1907 gesterf. In dieselfde jaar het 'n derde ramp die broers getref. Die swaar depressie in 1903-08 in Suid-Afrika het die bankrotskap van die bedryf veroorsaak. Dit het 'n bankskuld van £4000 - grotendeels aan die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (tans Nedbank genoem) en langlopende skulde van ongeveer £18 000 gehad. Die skuldeisers het 'n vergoeding van 10% van hul vorderinge gekry. Die hoofbestuurder van die Nederlandse bank, H.C. Jorissen, het groot vertroue in sy vriend Cornelis Delfos gestel en die bedryf se besittings oorgeneem in ruil vir die bank se vordering. Hy het Delfos weer as bestuurder vir £50 per maand aangestel, hoewel die bank se hoofbestuur in Amsterdam min vertroue in die saak gestel het. Die saak het geleidelik beter gegaan toe die goudproduksie uitgebrei is en die goudmyne meer bestellings - veral van rotsbore - by Delfos geplaas

het. Die konjunktuur het verbeter en in 1911 het die goeie wending vir die dapper Delfos gekom. Toe is die bedryf in 'n aandeelmaatskappy met 'n kapitaal van £10 000 omgesit. Daarvan het die Nederlandse bank £3000 aandele geneem, private persone soos Abe Bailey, Maggs en Thomas Cullinan wat Delfos vertrou het, saam £4000, vriende in Nederland, veral die familie Van de Wall Bake - van die eerste hoofbestuurder van die NZASM - en die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland te Amsterdam, wat uit die NZASM in 1908 voortgekom het - £2000, en Delfos het £1000 gekry. Hy was daarna weer selfstandig en sy sake het ondanks wisselvallighede vooruitgegaan.

Daar was verskeie bedrywe in Suid-Afrika wat voor 1934 yster en staal uit skroot gemaak het. Delfos het hom beywer om yster en staal en artikels daarvan uit inheemse ertse en steenkool te maak. Hy het daarvoor in 1920 na die oorlogstyd met skaarste aan yster en staal die South African Iron and Steel Corporation te Pretoria gestig. Hy het tussen 1918 en 1921 ru-yster geproduseer. Die stigting van 'n veel groter hoogooindbedryf het as 't ware sy lewensroeping geword. Sy inspanning en opofferings het tenslotte geslaag. Na sterk teenkanting in die Unie-Parlement en daarbuite is in 1928 die wet tot oprigting van Yskor met deelname en steun van die regering aangeneem. Delfos was daarby feitlik die regering se nie-amptelike raadgewer tydens die moeisame totstandkoming van die wet op Yskor in 1928. Hy is teleurgestel toe belasting van die Regering se vergoeding vir sy baie opofferings gehes is en hy het daarteen tevergeefs hof toegegaan. Hy het 'n leidende pos by Yskor afgewys omdat hy hom te oud gevind het.' 'n Paar maande voor die inbedryfstelling van Yskor, in 1933, het hy in Pretoria gesterf. Soos Moses het hy die land van sy verwagting - Yskor in werking - van ver gesien maar nie binnegetree nie.

Sy biograaf D.P. van Rheede van Oudtshoorn het geskryf: 'Die nageslag het sy groot en deurslaggewende bydrae aan die Suid-Afrikaanse staalindustrie nie gewaardeer nie.' Dit is en was gelukkig nie meer die geval nie. Daar is spoedig borsbeelde van hom deur die bekendste beeldhouer in Suid-Afrika, Anton van Wouw, gemaak. Een is op 25 Februarie 1936 in die stadhuis van Pretoria onthul. 'n Ander eksemplaar is op die terrein van Yskor in ons stad geplaas. Die Eerste Minister P.W. Botha het in sy gedenkrede by Yskor op 4 April 1984 gesê: 'Hier dink ons in besonder vandag aan die man wat hom so onvermoeid beywer het vir die vestiging van 'n eie yster- en staalbedryf wat op die ontginning van inheemse grondstofbronne gebaseer sou wees - CORNELIS DELFOS. Hy het hom nie deur teenslae van stryk laat bring nie en alles in die stryd gewerp vir die verwesenliking van sy grootste ideaal deur selfs die Kabinet van sy tyd tot sy insig te oortuig. Hy word vandag tereg as die 'vader' van Yskor beskou, en ons bring hulde aan hom vir wat hy vermag het, maar nie in sy leeftyd tot volle ontplooiing kon sien kom nie. Dit is gepas dat die gebou by die hoogooind wat hy destyds hier naby in bedryf gestel het, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is en deur Yskor as 'n museum ingerig is wat sy naam dra'.

Die tweede episode in Yskor se voorgeskiedenis wat wel amper halfvergeet is, omvat die ondersoek deur die Gute Hoffnungshütte in 1924 wat die stoot

tot die stigting van Yskor gegee het. In 1920 het Delfos Europa besoek en in Brittanje advies gevra oor die stigting van 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika. Die advies was nie so ongunstig as wat Van Oudtshoorn skryf nie, indien ons die uitvoerige werk van professor C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa* (Johannesburg 1940) mag glo nie.² Deskundiges het die lewensvatbaarheid van so'n bedryf beaam, maar daar was 'n depressie en oorkapasiteit in die yster- en staalnywerheid van die meeste lande en Delfos kon in Europa geen kapitaal vir so 'n bedryf in Suid-Afrika vind nie.

In 1924 was die ekonomiese toestand beter en die Eerste Minister J.C. Smuts het die Union Trade Commissioner op die Europese vasteland, Karl Spilhaus, opgedra om belangstelling vir 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika te wek. Weens die geringe belangstelling in Brittanje het die regering toe na die Vasteland gekyk. Spilhaus het die groot Duitse bedryf Gute Hoffnungshütte by Oberhausen in die Ruhrgebied bevera. Volgens Van Oudtshoorn het Delfos die bedryf gevra, maar Richards vermeld niks daarvan nie. Die Duitse bedryf het in Februarie 1924 'n span deskundiges vir ondersoek gestuur. Hulle was Heckel, H. Kipper en F. Lilge namens die Gute Hoffnungshütte en H. Philippi en F. Reusch namens Nederlandse belangstellendes. Hulle het vier maande in Suid-Afrika gebly, op 8 April 1924 'n voorlopige verslag uitgebring, en op 4 Februarie 1925 hul lywige eindverslag, gedateer in Oberhausen, aan die Uniëregering gestuur. 'n Tweede eksemplaar is aan Delfos gestuur.

Die verslag was in Duits opgestel. Die griffie van die Unie-Parlement het 'n uitvoerige uittreksel van 194 digbedrukte bladsye in Engels gemaak. Dit is in 1928 as dokument van die Senaat gedruk en versprei. Volgens Richards is die Engels van hierdie publikasie baie swak. Die oorspronklike dokument in Duits is nooit gepubliseer nie en selde gebruik, hoewel Delfos daarvan 'n eie vertaling in Engels gemaak het. Virsover ek weet is Richards die enigste skrywer wat hierdie belangrike verslag nie slegs vermeld nie maar ook redelik uitvoerig bespreek het.³

Die verslag het die stigting van 'n yster- en staalbedryf in Suid-Afrika met stelligheid aanbeveel. Die gevolgtrekking daarvan lui: 'Finally the question as to whether the undertaking will be a commercial success must be answered in the affirmative. The economic bases are thoroughly sound, and with the increase of production an increase in the profits of the undertaking can be counted on'.⁴

Die verslag het Pretoria as vestigingsplek aanbeveel. Dit was in ooreenstemming met die wens van Delfos en van die Uniëregering wat graag nywerhede by Pretoria wou vestig. Delfos kon tevrede oor die verslag wees.

Verwysings

1. Aldus Delfos se biograaf, D.P. van Rheede van Oudtshoorn, in die artikel 'Delfos, Cornelis Frederik' in *South African Dictionary of Biography*, deel 2, Pretoria en Kaapstad 1971, p.170 (ook in Afrikaans uitgegee). Die biograaf berig dat Delfos die voorsitterskap van die nuwe direksie van Yskor geweier het omdat hy van mening was dat 'n jonger man die bedryf moes ontwikkel. Maar die brosjure *Opening van die Yster- en Staalf-*

briek te Pretoria, 1934, Kaapstad 1934, vermeld Delfos as direkteur tot sy oorlyde in 1933, saam met Dr. H.J. Vanderbyl, J.H. Dobson en Dr. A.J. Bruwer.

2. C.S. Richards, *The iron and steel industry in South Africa, with special reference to the South African Iron and Steel Industrial Corporation Ltd. (IsCOR), more particularly in its relation to the gold-mining industry in the Transvaal*, Witwatersrand University Press, Johannesburg 1940, 471 pp. met uitvoerige bylaes, t.a.p. p.70-71.
3. Richards, t.a.p. verwysing 2 hierbo, p.83-96.
4. Richards, t.a.p. verwysing 2 hierbo, p.95.

1884-1984: NA DIE KONVENSIE VAN PRETORIA DIE KONVENSIE VAN LONDEN

deur C. de Jong

Tydens die Eerste Anglo-Boere-oorlog in 1880-81 het Pretoria 'n Britse garnisoen gehad en is die dorp deur die opstandige Transvalers beleër. Daarom was die regeringsetel van die herstelde Transvaalse republiek in Heidelberg gevestig. Ná die vrede het Pretoria weer regeringsentrum en hoofstad geword en daar is die finale vredesverdrag - die Konvensie van Pretoria - gesluit.

Die oorlog in 1880-81 was kort maar fel. Die Transvalers het in drie gevegte in Noord-Natal, op Laingsnek, by Schuinshoogte en op Majoeba, die klein Britse leër verslaan. Op 6 Maart 1881 het die Britse leerleiding wapenstilstand gesluit. Op 21 Maart 1881 is vrede gesluit en 'n Koninklike Kommissie sou die vredesverdrag opstel. Hy het in Julie die ontwerp vredesverdrag aan die Transvaalse regering voorgelê; dit was die driemanskap Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius, wat weer in Pretoria vertoef het. Hulle het die ontwerp na die Volksraad gestuur. Die Volksraadslede was diep teleurgestel, want die ontwerpverdrag was baie minder gunstig as wat die Britte in Maart 1881 voorgespieël het. Die lede het van die 33 verdragsbepalings die volgende beslis ongunstig gevind:

1. Die herstelde republiek sou 'Transvaal State' heet in plaas van 'Zuid-Afrikaansche Republiek', die naam van voor die Britse anneksasie in 1877.
2. 'n Britse Resident sou as 'n soort Hoë Kommissaris in Pretoria setel.
3. Wette betreffende Swartes moes deur die Resident goedgekeur word blykbaar om die Swartes te beskerm teen slawerny en ander misbruike.
4. Die Britse regering mog in tyd van oorlog of onrus troepe deur Transvaal stuur.
5. Die Britse regering het die 'suseriniteit' - dit was 'n ruim mate van beheer - oor Transvaal behou, naamlik seggenskap in die betrekkings tussen Transvaal en ander moondhede.
6. Die skulde wat die Britse bestuur in die anneksasietyd 1877-1881 in Transvaal aangegaan het, sou vir rekening van die herstelde republiek kom.
7. Transvaal sou grondgebied aan die wesgrens verloor.
8. Swaziland, wat in 1875 protektoraat van Transvaal geword het, sou onafhanklik word.

Die Transvaalse regering het tevergeefs beswaar by die Britse regering onder William E. Gladstone gemaak, en die verdrag op 1 Augustus 1881 onder protes onderteken. Dit was die Konvensie van Pretoria. Blykbaar wou die Britte geen toegewings meer maak en bepaalde, al dan nie vae, beloftes nie nakom nie om hul beskadigde prestige nie verder te benadeel nie.

Met die Konvensie van Pretoria was die naspel van die Eerste Anglo-Boere-oorlog en die herstel van die Zuid-Afrikaansche Republiek nog nie voltooi nie. Dit het 'n bron van nuwe geskille geword. Transvaal was verarm en het amper beswyk onder die las van sy staatskuld, en 'n diep ekonomiese depressie het in 1881-86 in die hele Suid-Afrika geheers. Swart stamme aan die

Wesgrens het oproerig gebly, maar die Transvaalse regering mog nie flink teen hulle optree nie. Daarom het teen die einde van 1883 'n derde Transvaalse deputasie van drie regeringslede - onder wie andermaal Paul Kruger - na Brittanje gereis om toegewings te vra. Die eerste en tweede deputasie het in 1877 en 1878 in Londen tevergeefs om herstel van Transvaal se onafhanklikheid gevra. Die derde afvaardiging het die Britse regering in 'n toegewifliker stemming aangetref en meer resultate verwerf. Hy het bestaan uit Staatspresident Kruger, generaal N. Smit, die held van Majoeba, en Ds. S.J. du Toit, superintendent van onderwys en leier van die Eerste Afrikaanse-taalbeweging. Hulle het 27.2.1884 die Konvensie van Londen onderteken en die volgende toegewings verkry:

1. Transvaal het die naam Zuid-Afrikaansche Republiek herkry.
2. Die Resident se amp in Pretoria is opgehef. Hy is vervang deur 'n gewone konsul sonder seggenskap in binnelandse sake van Transvaal. Geen toestemming van 'n Resident was meer nodig om wette betreffende Swartes goed te keur nie.
3. Brittanje het afgesien van sy reg om troepe deur Transvaal heen te stuur.
4. Die Transvaalse staatskuld is verminder van £391 000 na £127 000. Brittanje het die verskil vir sy rekening geneem.
5. Transvaal het grondgebied aan sy Wesgrens bygekry.

In die volgende artikels het die Britse regering egter op sy stuk bly staan:

- a. Volgens Artikel 4 moes die Britse regering verdrae tussen Transvaal en ander moondhede - met uitsondering van die Oranje-Vrystaat - en tussen Transvaal en swart volke aan sy Wes- en Oosgrens goedkeur.
- b. Swaziland het onafhanklik gebly.
- c. Britse onderdane mog hulle in Transvaal vry vestig, grond koop en sake dryf en mog nie swaarder as ander inwoners belas word nie. Transvaal moes derhalwe sy grense wat in 1877 vir Britse onderdane geopen is, oop hou en het dan ook 'n instroming van Indiërs toegelaat, terwyl die Oranje-Vrystaat Indiërs geweet het.
- d. Transvaal mog op goedere uit Britse gebiede - Brittanje ingesluit - geen hoëre invoerregte as op goedere uit ander lande hef nie.

Die ongewilde term 'susereiniteit' is geskrap en het in die Konvensie van Londen verdwyn, maar met hierdie verdrag het die Britse regering 'n voet in die deur na Transvaal gehou. Hy het dit gebruik om in 1896-99 hom in die binnelandse sake van Transvaal in te meng en onder meer spoedige stemreg vir vreemdelinge in Transvaal gevestig te verlang. Hierdie inmenging het in 1899 tot oorlog gelei.

In 1884 by die ondertekening van die Konvensie van Londen is egter skynbaar ontspanning of détente tussen Brittanje en Transvaal ingelui. Die derde deputasie het voldaan uit Londen na die Europese vasteland vertrek. Ook daar het hy veelbelowende toeseggings ontvang, veral in Nederland. 'n Klein maar invloedryke groep Nederlanders het hom bereid verklaar om die amper

bankrotte republiek te help en daar ontwikkelingsprojekte te begin, met name die aanleg van die Oosterlyn van Komatipoort na Pretoria en die stigting van 'n handelsbank. Vanjaar herdenk ons die Konvensie van Londen as 'n mylpaal in die geskiedenis.

Bron: F.A. van Jaarsveld en Theo van Wijk, *Geïllustreerde geskiedenis vir die Senior Sertifikaat Standaards 9 en 10*, Voortrekkerpers, Johannesburg 1965 en later drukke.

HERDENKING VAN PRINS WILLEM I VAN ORANJE TE PRETORIA IN 1933

deur C. de Jong

In 1984 herdenk die Nederlanders in en buite Nederland - onder meer te Pretoria - die dood van Prins Willem van Oranje op 10 Julie 1584. Hierdie herdenking is aanleiding om terug te kyk na die herdenking van die Prins se geboortedag op 24 April 1533 te Pretoria in 1933 - 'n luisterryke plegtigheid.

Die Nederlanders in Suid-Afrika, onder meer in Pretoria, het gewoonlik die hoogtydae van die volk in Nederland saamgevier, ook die feesdae en roudae van hul vorstehuis, die Oranje-Nassaus. Nederlandsesinde Afrikaners het graag hul byeenkomste bygewoon. Die geboortedag van hul nasionale held, Willem I van Oranje-Nassau, bygenaamd 'die Swyger' (1533-1584), is in 1933 nie slegs in Nederland nie maar ook in Pretoria uitvoerig herdenk. Op Sondag 23 April 1933 het professor S.P. Engelbrecht van die Nederduitse Hervormde Kerk, waaraan talle Nederlanders behoort het, 'n herdenkingsdiens in die kerk aan Du Toitstraat gelei. Die diens is goed bygewoon. Sy teks was Psalm 97 vers een: 'De Heer regeert, de aarde verheugt zich'. Sy vurige preek was gewy aan Willem van Oranje as die Vader des Vaderlands. Die Eerste Minister J.B.M. Hertzog, Minister N. Havenga, generaal J. Kemp, Minister F.G.W. Grobler, Dr. W.A. Lorentz, die Nederlandse gesant, professor M. Bokhorst, direkteur van die kort tevore gestigte Nederlands Cultuur-historisch Instituut, en professor D. Pont van die Universiteit van Pretoria was onder die aanwesiges.

Op 24 April 1933, die Prins se geboortedag, het 'n byeenkoms in die Voortrekkergedenksaal gevolg. Toesprake is gehou deur generaal J.C. Smuts, professor S.P. Engelbrecht en professor M. Bokhorst. Die 'Zanglust'-koor onder leiding van professor G. Bon het gesing, soos ek vermoed van die pragtige liedere in *Valerius' Gedenkklink*. Die redakteur van die *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika*, C. Plokhooy, het in die uitgawe van 6 Mei 1933 verslag hiervan gedoen.

Interessant is dat die Bloemfonteiners nie wou agterbly nie. Hulle het die Prins op 'n oorspronklike en gedurfde wyse herdenk met die opvoering van 'n

ou verhoogstuk van die bekende 19de-eeuse skrywer H.J. Schimmel. Die stuk heet 'Joan Woutersz'. Dit is die naam van die stuk se held, offisier in die Prins se leër. Hy red Oranje van twee moordanslae en sterf by die tweede aanslag. Dit is 'n baie romantiese en patriotiese drama, maar vol spanning en aksie, want Schimmel was 'n goeie toneelskrywer en stigter van die eerste toneelskool in Nederland. Nie toevallig het die uitgewer Maskew Miller in Kaapstad 'n paar jaar tevore die stuk met toeligting vir lesers in Suid-Afrika her-uitgegee nie.

Die verhoogstuk is in Bloemfontein opgevoer onder leiding van Willem Frederik Mondriaan, joernalis en broer van die bekende abstrakte skilder Piet Mondriaan, en Mnr. Vertenten. Die eerste opvoering op 21 April 1933 was vir die jeug, die tweede was op 24 April, die herdenkingsdag, en bestem vir volwassenes, onder wie die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, C.T.M. Wilcox, Dr. N.J. van der Merwe en regter F.W. Beyers. Daar was selfs besoekers uit Brandfort en Kroonstad.



HUIS KIRKNESS, tekening van H. Meiring

Uit: Hannes Meiring, 'Pretoria 125'
 uitgegee deur Human & Rousseau
 Kaapstad 1980

JOHN JOHNSTON KIRKNESS

deur N.A. Coetzee

Hy is gebore op 1 April 1857 op die Orkney-Eilande, Noord-Skotland, en oorlede op 82 jarige ouderdom op 13 Junie 1939 in Pretoria. In sy studentejare het J.J. Kirkness hom in die boubedryf bekwaam, die Diploma in Boukonstruksie aan die Heriot Watt Kollege in Edinburgh verwerf, en sy vakleerlingskap in die skrynwerkersbedryf voltooi om as vakman by 'n firma in Glasgow te werk. Hy het in 1879 op 22-jarige ouderdom na Suid-Afrika verhuis, by Port Elizabeth geland en vervolgens in Durban, Bethlehem en op die Barbertonse Goudvelde gewerk. Hy gaan sy vrou Mary Ann Baikie op die Orkney-Eilande haal waar hulle te Kirkwall op 16 Junie 1884 in die huwelik tree. Terug in Suid-Afrika vestig hy hom in 1887 in Pretoria.

Tydens die afsterwe van sy vrou op 20 April 1936 en met sy eie afsterwe woon die gesin, - die twee seuns en een dogter is reeds uit die huis - in die herehuis op Pomonastraat 255, Muckleneuk, 'n huis wat Kirkness self gebou het om sy stene wat hy in sy eie steenfabriek in Groenkloof gemaak het, uit te toets. Die huis is tans in besit van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n historiese spogwoning wat verdien om as historiese gedenkwaardigheid verklaar te word.

In die steenoude met die geweldige uitgraving wat oor baie jare die bekende 'Kirkness' gemerkte sierstene, dakteëls, vloerteëls en potte vervaardig het, was op 'n tyd een miljoen stene en 'n half miljoen ander artikels deurlopend in wording. Dit is oral oor die land en in aangrensende lande en oorsee gebruik. Die Groote Schuur Hospitaal in Kaapstad en die Salisbury Poskantoor in Harare is met Kirkness-stene gebou. Kirkness vloerstone en potte is deur Sir Herbert Baker in die Suid-Afrika Huis te Londen gebruik. Die terrein van die steenfabriek word tans in sportvelde vir die Pretoriase Onderwyskollege ontwikkel. Ons hoop dat daar by die ingang van hierdie sportvelde behoorlik erkenning gegee sal word aan die nagedagtenis van hierdie boupionier in Suid-Afrika en dat dit die John Johnston Kirkness Sportvelde genoem sal word.

Die hoofkantoor van J.J. Kirkness was geleë op Kerkplein langs die Ou Nasionale Bank en Ou Staatsmunt. Die fasades van hierdie geboue word deur die Departement Poswese bewaar en gerestoureer en die hoop bestaan dat daar ook 'n gedenkplaat vir J.J. Kirkness aangebring sal word.

Die volgende is 'n opsomming van die geboue wat deur Kirkness as boumeester opgerig is en wat reeds as Nasionale Gedenkwaardighede verklaar is.

1. Die voltooiing van die vierde en laaste Raadsaal in Bloemfontein. 1893. Tender R25 000.
2. Die Ou Raadsaal, Pretoria. Tender R165 000, 1889. Die deure en vensters is op die Orkney-Eilande gemaak deur Samuel Baikie & Co. Sytse Wierda ontwerp die derde verdieping en Kirkness voltooi die gebou in 1891. Die Raadsaal se meubels is van 'walnut' in Engeland gemaak. Op 24 Junie 1983 is twee kamers in die Raadsaal omskep in 'n Kruger-Tydsperk Z.A.R.

Museum. Erkenning behoort in hierdie Museum gegee te word aan die nagedagtenis van J.J. Kirkness.

3. Die Ou Letteregebou en die Ou Wetenskapgebou van die Universiteit van Pretoria is in 1911 deur Kirkness voltooi en toe kon die U.P.-fakulteite van destyds verhuis uit die Ou Staatsgimnasium in Bosmanstraat na die kampus.
4. Die Wierdabrug oor die Hennopsrivier. Kirkness se tender in 1891 is aangeneem vir R15 182,20. Die brug is vernoem na Sytse Wierda, Hoof van die Publieke Werke Departement van die Z.A.R.
5. Leeubrug oor die Apiesrivier. Ontwerp deur Sytse Wierda, Kirkness tender vir die bouwerk teen £13 131. Die brug is geopen deur President Kruger op 11 Junie 1894. Die vier brons leeus is deur MacFarlane Sun Foundry in Glasgow, Skotland, gegiet.
6. Die Paul Kruger Hospitaal, Rustenburg.
7. Die Ou Hoofgebou van die Administratiewe blok van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut, Onderstepoort. Ingewy in Oktober 1908.
8. Die Staatsartillerie- en Stalle Kompleks Huise 1-15. Tender van Kirkness deur die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. aanvaar op 2 Mei 1897.

Vervolgens 'n lys van ander geboue deur J.J. Kirkness gebou, sommige reeds weer gesloop. 'n Oproep om dié wat nog staan as Nasionale Gedenkwaardighede te red, word gedoen.

1. Die Nasionale Bank en Ou Staatsmunt op die noord-westelike hoek van Kerkplein.
2. Inverclyde House op die hoek van Andries- en Skinnerstrate. Reeds gesloop.
3. Die Ou Munt en aangrensende geboue in Visagiestraat, Pretoria. Gedeeltelik gesloop en verbou.
4. Die eerste gebou van die Landbank, Paul Krugerstraat.
5. School House, Pretoria High School for Boys.
6. Die Normaalkollege Hoofgebou, Rissikstraat, Pretoria. Dis nog 'n tweede rede waarom J.J. Kirkness se naam aan die Onderwyskollege se Sportvelde in Groenkloof verbind moet word.
7. Die Sammy-Marks-Gebou in Kerkstraat, oorkant die Staatsteater en Strydomplein. Die gebou is in 1903 deur argitek W.J. de Zwaan ontwerp. J.J. Kirkness was goed bevriend met Sammy Marks. Ons hoop dat die stryd om hierdie pragtige gebou as Nasionale Gedenkwaardigheid te behou en effektief te gebruik, gewen sal word; die Kynochgebou daar langs word beskou as een van die oudste bouwerke in Pretoria.
8. Gedeelte van die Sielsieke Hospitaal, Pretoria-Wes.
9. Die Union Hotel, Kerkstraat-Oos, Pretoria.
10. White House, Muckleneuk, Pretoria. Sir Herbert Baker was die argitek.
11. Die kerk in Barberton, gebou deur Kirkness vir die Boeregemeenskap.
12. Die Vicarage en Parsonage in Bethlehem, O.V.S. Ook het J.J. Kirkness die brug oor die Liebenbergsvlei aldaar gebou.
13. Die kerk vir die Boeregemeenskap op Heilbron.



JOHN JOHNSTON KIRKNESS, 1857-1939

Foto: Mnr. J.N. Kirkness

Sir Herbert Baker het Kirkness-stene, potte en teëls gebruik om die Uniegebou in Pretoria te bou, en talle woonhuise in Pretoria is deur Kirkness gebou en vertoon die pragtige sierstene uit sy steenoonde in Groenkloof.

J.J. Kirkness het ook sy reuse-aandeel bygedra in die uitbreiding van die ekonomiese, kulturele en godsdienstige lewe van Pretoria in sy tyd. Die volgende is 'n opsomming.

1. Die Federated Employers Mutual Assurance Company is deur Kirkness en andere opgerig. Die eerste polis is op 22 April 1937 aan hom as erkenning uitgereik.
2. Hy het sy gewig ingegooi vir die bewaring van Kerkplein. Saam met die destydse burgemeester Johannes van Boeschoten het hy in 1911 gesorg dat die trems nie oor Kerkplein loop nie, maar om die Plein.
3. J.J. Kirkness was die vierde burgemeester van Pretoria.
4. Hy het sy volle gewig ingegooi met die Governor-Generals Fund in die Eerste Wêreldoorlog en die Britse Troon het die O.B.E. aan hom as erkenning toegeken.
5. Kirkness was baie jare voorsitter van die Prisoniers-Hulp, Pretoria-Tak.
6. Saam met Chas Maggs het hy die Amschewits muurskilderye aan die Stadsraad van Pretoria geskenk. Dit is te sien in die voorportaal van die Stadsaal.
7. Hy was President van die Nasionale Meesterbouers Federasie.
8. Hy het die stene geskenk vir die bou van die St. Andrews Presbyterian Church in Schoemanstraat. Een van die Elders' Pews is na hom vernoem as erkenning, ook is die restourasie van die gekleurde glasvensters in 1981 voltooi in nagedagtenis van J.J. Kirkness en sy vrou Mary Ann. Die verklaring van hierdie kerk as Nasionale Gedenkwaardigheid is 'n vereiste en die beste wat gedoen kan word is om die gebou vir die nageslag te bewaar. Dit kan moontlik in 'n Museum verander word as dit ondoelmatig of te klein geword het vir gebruik as kerk.
9. Een van die Leeukampe in die Pretoriase Dieretuin is na Kirkness vernoem as erkenning van sy geldelike steun om dit op te rig.
10. Hy het die meubels in een van die kamers van die Royal Colonial Building in Londen geskenk en ruim bygedra om London House op te rig waar die sosiale klub van Statebond-studente wat in Engeland studeer, gehuisves is.
11. Een van die perke van die Caledoniese Rolbalbane is na hom vernoem. Hy was 'n aktiewe rolbalspeler alhier.
12. Hy was stigterslid van die Pretoriase Caledonian Society.
13. Hy was 'n aktiewe lid van die Pretoria Club.
14. In sy testament het hy ruim voorsiening gemaak vir die St. Andrews Presbyterian Church, die Presbyterian Orphanage, Pretoria Benevolent Society, The Princess Christian Home en die Pretoriase Algemene Hospitaal.

In die *Pretoria News* van 1 Mei 1981 word gemeld dat 'n gedeelte van Zandfontein in Boosens opgedeel sal word in 30 industriële erwe met 'n park. Dit sal genoem word 'Kirkney' ter ere aan J.J. Kirkness. Die hoop bestaan dat eervolle erkenning aan J.J. Kirkness gegee sal word deur 'n monument



MARY ANN KIRKNESS, gebore BAIKIE, 1859-1936

Foto: Mnr. J.N. Kirkness

in dié park op te rig en 'n bronsplaat aan te bring.

Die *Pretoria News* van 15 Junie 1939 het 'n verslag van die verrigtinge by die begrafnis van J.J. Kirkness gepubliseer. Dit behels een hele volblad, met 'n opsomming in kleindruk van al die boodskappe van meegevoel van persone en instansies in Suid-Afrika en oorsee en wie kranse gegee het. By een of ander herdenkingsgeleentheid sal dit goed wees as die *Pretoria News* hierdie bladsy reproduseer.

John Johnston Kirkness en sy vrou Mary Ann Baikie lê begrawe in die 'Presbyterian Acre' in die Rebeccastraatbegraafplaas Pretoria-Wes.

BIBLIOGRAFIE

1. Sterftেকennis Boedel 2076/39 Transvaalse Argief. John Johnston Kirkness.
2. Copy Proofs of business letters. Biblioteek van J.N. Kirkness, Victoria-weg 330, Waterkloof, Pretoria. Business Diary 1882-86, Contract Book 1886-88, Scripts Books, note books, formulae, measurement data.
3. *Pretoria News*, Donderdag 15 Junie 1939. Verslag van begrafnis van John Johnston Kirkness.
4. 'Bricks and Brickfield'. *The Star*, 30 Mei 1923. Article on Bricks, Tiles and Pottery. The Groenkloof Factory. Artikel geskryf om die Pretoriase Tentoonstelling van 30 Mei 1923 te adverteer, met fotos.
5. *Pretoria News*, 9 Julie 1980. Kirkness Brickfields, opgevolg vir Sportvelde, Onderwyskollege, Pretoria.
6. J.J. Oberholster. *Die Historiese Monumente in Suid-Afrika*, bls. 207, 302, 305, 307. Uitgegee deur Rembrandt van Ryn Stigting vir Kultuur en die Nasionale Monumente Komitee. ISBN 0-620-00192-5.
7. *Pretoria News*, 6.8.1950. Lion Bridge to be a National Monument.
8. Brief van Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede 1983.11.23 aan J.N. Kirkness, verwysingsnommer 3/1/3/Pre/13.
9. Onderstepoort Hoofgebou Veeartsenykundige Navorsingsinstituut. Brief aan J.N. Kirkness 3/1/3/Won/7 van 1983.10.07 van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Transvaalse Argief. Depot Volume PWS 1761 lêer nommer 18/5410.
10. *Pretoria News*, 21.7.1981 en 27.7.1981. Verwys na die 50 sent seël en 6 sent seël van die S.A. Vierde Definitiewe Serie uitgegee 10.6.1982, met afbeelding van Raadsaal en Parlementsgebou, Bloemfontein. Die Raadsaal te Pretoria is op die 4 sent seël afgebeeld.
11. *Pretoria News*, 6.10.1983, 75-jarige viering van Onderstepoort Navorsingsinstituut.
12. *Die Beeld*, 7.3.1980. Leeubrug se Leeus. Verwys na die 'Volkstem' van 13.6.1894. Gebou deur Kirkness vir R26 000 in 1894. *Pretoria News*, 16.7.1981 ook oor die Leeubrug.
13. *The Star*, 2.1.1952 en *Pretoria News* van 30.12.1981 i.v.m. Leeubrug.
14. *Pretoria News*, 10.2.1981. 'Treasure House Ignored' i/s Ou Raadsaal, Pretoria. Walnut meubels in Engeland maak.
15. Brief Raad van Nasionale Gedenkwaardighede 4/t/Pta/6 Bus 4637, Kaapstad, 10/T/Pta/3 van 6.8.1980 i/s aankoms van J.J. Kirkness in Pretoria, 1887.

16. Arthur Barlow, *Almost in Confidence*. Verwys na Kirkness i.v.m. die bou van die vierde Raadsaal, Bloemfontein.
17. *Pretoria News*, 20.4.1981 i.v.m. oorlyde van P.G. Kirkness, seun en vennoot van J.J. Kirkness. Hy is gebore te Bethlehem 19.3.1886 en oorlede op 95-jarige ouderdom.
18. *The Star*, 17.5.1980 insake Sammy Marks- en Kynochgeboue. Ook in *Pretoria News* van 2.7.1980.
19. *Pretoria News*, 10.1.1981 en 5.6.1981. Bewaring van die Sammy Marks Gebou, gebou deur Kirkness in die neo-Dutch Renaissance Style.
20. Kerkplein Tremlyne Stryd 1910. *Pretoria News*, 9.11.1979.
21. Roy MacNab, *South Africa House, London*.
22. *Pretoria News*, 1.5.1981. Gedeelte van Zandfontein in Booyens, opgedeel in 30 Industriële erwe en 'n park. Dit word genoem Kirkney dorpsgebied (Kirkney Township).

Sien ook Indeks van die volgende boeke vir verwysing na J.J. Kirkness.

23. Chas Christie, *Memoir of Charles Murray*.
24. Vivian Allen, *Kruger's Pretoria*.
25. Lola Dunstan, *Young Pretoria*.
26. Fitzpatrick, *Dummy and Guest*.
27. Dorein Greig, *Herbert Baker in South Africa*.
28. Picton Seymour, *Victoria Buildings in South Africa*.
29. Dorein Greig, *A Guide to Architecture*.
30. *A Banking Centenary, Barclays Bank, D.C.O. 1836-1936*.
31. Hall & Power, *Pretoria 1910*.
32. Partridge, *Thus the Bowl should run*.
33. Eric Rosenthal, *A Short Biography*.
34. Pretoria Club, *Old Ivory and Roses*.
35. *Pretoriana*. Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria. Jaargang 1 no. 1, bl. 4; Jaargang 1 no. 2, bl. 11; Jaargang 3 no. 2, bl. 2; Jaargang 1962, no. 38 April, bl. 28; Jaargang 1977 no. 76, Indeks: Jaargange.

'n BEWARINGSPLAN VIR PRETORIA

deur Dr. B. Cronjé

INLEIDING

As Pretorianer en lid van die Genootskap Oud-Pretoria lê die geskiedenis en geskiedkundige geboue en plekke van Pretoria my na aan die hart - net soos ook vir baie ander Pretorianers. Enersyds besef 'n mens dat daar so baie geskiedkundige elemente in Pretoria is wat bewaar moet word. Andersyds egter weet 'n mens van so baie van dié dinge wat al reeds verlore gegaan het, en - helaas - jy weet ook dat nog veel meer onherroeplik uitgewis gaan word.

Ek het al in verskillende wêreldstede met blye oë gekyk hoe hierdie stede hul historiese verlede as 'n kosbaarheid koester; hoe hierdie dinge juis dié plekke in die stad is wat vir die toeris aantreklikhede uitmaak en hoe die stadsvaders bewaring en toerisme mekaar wederkerig laat dien. Die historiese geboue en plekke word derhalwe met die grootste sorg beskerm en bewaar en terselfdertyd word dit vir die besoeker maklik gemaak om by hierdie juwele uit die verlede uit te kom.

Daarom het ek hierdie artikel geskryf wat hopelik 'n bydrae kan lewer tot die verwesenliking van bogenoemde oogmerke. Sommige van die gedagtes in hierdie artikel word al vir baie jare lank deur individue en organisasies, soos byvoorbeeld die Genootskap Oud-Pretoria, gepropageer. Ander is nuut.

Van belang is egter dat verskeie gedagtes met betrekking tot bewaring en die bevordering van toerisme gekonsolideer word. Hierdie stuk maak nie aanspraak op volledigheid nie. Baie voorstelle kan in veel meer besonderhede uitgewerk word. Dit sou egter heelwat tyd en navorsing verg - wat later kan geskied.

Intussen kan hierdie stuk, met verwysings, as 'n konsepplan of bloudruk gebruik word om 'n omvattende struktuurplan vir bewaring in Pretoria - gekoppel aan toerisme - in werking te stel. Om 'n begin te maak is egter nou die vernaamste doelwit.

Die voorstelle word behandel in terme van: 'n administratiewe struktuur; 'n bewaringsplan; 'n bewaringsregister; en 'n besoekersplan.

ADMINISTRATIEWE STRUKTUUR

Bewaringsraad

Die eerste en belangrikste stap om die bewaring en benutting van historiese geboue en plekke in Pretoria moontlik te maak, is om 'n permanente administratiewe struktuur te skep wat die planmatige verwesenliking van hierdie bewaringsoogmerke sal kan bewerkstellig.

In die eerste plek moet 'n *beplanningstruktuur* geskep en in die tweede plek moet *maatreëls* getref word vir die gekoördineerde uitvoering van die beplanning.

'n Raad bestaande uit kundige persone moet in die lewe geroep word om die nodige beplanning ten opsigte van die bewaring en benutting van historiese geboue en plekke te kan doen. Die Raad kan bestaan uit verteenwoor-



HUIS IN STRUBENSTRAAT

*Hierdie pragtige Victoriaanse huis wat in 1888 gebou is,
was op die slopingslys totdat goedkeuring verkry is dat dit gebruik
kan word om die Jansenversameling in te huisves.*

Foto: NASKO, Pretoria

digers van die Stadsraad en ander belanghebbende persone wat op grond van hul bepaalde kennis en belangstelling 'n konstruktiewe bydrae kan lewer in verband met die bewaring van historiese geboue en plekke. Hierdie Raad moet deur die Stadsraad aangestel word en moet 'n bepaalde opdrag van die Stadsraad ontvang. Die opdrag kan byvoorbeeld die volgende wees: Om die beplanning ten opsigte van die bewaring en benutting van historiese geboue en plekke in Pretoria te doen; om riglyne neer te lê vir die opstel en instandhouding van 'n register van bewarenswaardige geboue en plekke in Pretoria; om die benutting van sodanige geboue en plekke vir toerismedoeleindes moontlik te maak.

Die Bewaringsraad kan byvoorbeeld soos volg saamgestel word:

- Stadsraadampptenare (2)
 - Stadsekretaris (Voorsitter)
 - Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur
- Bewaringskundiges (2)
- Genootskap Oud-Pretoria (1)
- Argitek (1)
- Toerisme-organisasies (1)
- Kamer van Koophandel (1)
- Afrikaanse Sakekamer (1)
- Middestadontwikkelingskomitee (1)

Bewaringskomitee

Ten einde die uitvoering van sekere administratiewe aangeleenthede te vergemaklik, kan 'n Bewaringskomitee, wat 'n subkomitee van die Bewaringsraad vorm, in die lewe geroep word. Hierdie Komitee kan byvoorbeeld bestaan uit die twee Stadsraadsampptenare wat in die Bewaringsraad dien plus 'n aantal -verkieslik nie te veel nie - ander Stadsraadsampptenare wat regstreekse belang by die bewaringsfunksie het.

Hierdie Komitee gee uitvoering aan opdragte van die Bewaringsraad, doen inligtingsinsameling en -verwerking, skakel met belanghebbende persone en instansies, doen verslag aan die Bewaringsraad ten opsigte van sekere aangeleenthede, doen voorstelle aan die Bewaringsraad en stel die sakelys vir die Bewaringsraad se vergaderings op.

Uit die aard van die saak kan hierdie Komitee ook 'n belangrike rol speel in die opstel en instandhouding van die bewaringsregister en die uitoefening van slopingsbeheer. In verband met die uitoefening van slopingsbeheer kan ander lede van die Bewaringsraad ook gekoöpteer word.

BEWARINGSPLAN

GEBOU

Openbare en sakegeboue

In die eerste plek is dit belangrik dat alle openbare geboue wat van historiese



NEDERLANDSE BANKGEBOU

Die Nederlandse Bankgebou, een van die geboue in die wesfasade van Kerkplein, was vroeër ook bestem om gesloop te word ten einde plek te maak vir 'n nuwe toringgebou. Dit is prysenswaardig dat die owerhede uiteindelik besluit het dat hierdie en ander geboue in die wesfasade vir die nageslag bewaar sal word.

Foto: NASKO, Pretoria

belang is, beskerm en bewaar moet word. Terwyl 'n mens sou verwag dat alle openbare geboue wat historiese waarde het, in elk geval beskerm sal word, gebeur dit ongelukkig dikwels dat sommige van hierdie geboue vanweë onvoldoende beplanning en bewaringsmaatreëls in die slag bly. Enige gemeenskap wat sy historiese geboue laat uitwis, is soveel armer daaraan toe en berokken onherstelbare skade aan die nalatenskap wat hy aan latere geslagte nalaat.

'n Mens dink onwillekeurig aan die ou prestigegeboue wat uit die tydperk van die Zuid-Afrikaansche Republiek dateer. Hieronder is geboue soos die Volkstemgebou, die Staatsmodelskool, die Staatsmeisieskool en verskeie regeringsgeboue soos byvoorbeeld dié om Kerkplein, die ou Volkshospitaal, en andere.

Dit is egter nie net staatsgeboue wat bewaar moet word nie, maar ook dié wat vir sake- en ander doeleindes opgerig is, soos verskeie praggeboue in Kerkstraat, tussen Kerkplein en Prinsloostraat, die Landboupublikasiegebou, verskeie kerke en so kan 'n mens aanhou. Ongelukkig word sommige van hierdie geboue se vooraansigte reeds erg misken en bederf deur moderne skerms, uithangborde, ens.

Wonings

Daar is heelwat private geboue, soos byvoorbeeld wonings, in elke gemeenskap wat óf 'n bepaalde historiese waarde het óf verteenwoordigend van 'n bepaalde historiese styl is. Hierdie geboue moet eweneens beskerm word. Omdat hierdie geboue in private besit is, is daar weinig beheer van owerheidsweë oor sodanige geboue en gebeur dit dikwels dat ekonomiese oorwegings voorrang geniet en hierdie geboue verlore gaan. In die Stadsraad se bewaringsplan behoort daar voorsiening gemaak te word vir die beheer oor die lotgevalle van hierdie geboue. Daar moet egter ook aansporingsmaatreëls getref word wat eienaars sal aanmoedig om hierdie geboue te bewaar.

In Pretoria het private geboue - meestal wonings - met 'n bepaalde historiese of argitektoniese waarde, ongelukkig stelselmatig van die toneel verdwyn en bestaan daar vandag nog maar net 'n handjievol van hierdie geboue. Kragdadige optrede om die paar oorblywende geboue met historiese waarde te bewaar, het dringend noodsaaklik geword.

'n Mens sou wou sien dat ons uit die verskillende periodes van Pretoria se bestaan voorbeelde van die verskillende soorte woonhuise sal kan behou. Dit geld veral vir dié huise wat selfs voor die ontstaan van Pretoria in 1855 hier ter plaatse gestaan het. Die Pioniershuis in Silverton is reeds veilig bewaar, maar ongelukkig is die heel oudste huisie, dié van die vroeëre Horns, by Hornsnek, nog nie van 'n veilige voortbestaan verseker nie. Dié ou huisie is omstreeks 1842 gebou en is nog in 'n betreklik goeie toestand.

Dan moet daar verskillende huise uit die Victoriaanse tydperk wees, soos byvoorbeeld die ou sinkhuise, die deftige herehuise en verskillende variasies daarvan. Daarna het ons enkele Edwardiaanse huise wat bewarenswaardig is, en so kan 'n mens aangaan. Hier uit die twintiger-, dertiger- en veertigerjare is nog heelwat pragtige voorbeelde van huise uit hierdie periodes wat doelbewus bewaar behoort te word voordat dit dalk ten prooi aan verdere ontwikkeling sal val.

Daar is ook die huise van bekendes uit Pretoria se geskiedenis, soos staatsmanne, kunstenaars en andere wat diep spore in Pretoria se geskiedenis getrap het, wat ook simpatiek bejeën en bewaar behoort te word. Dit is belangrik dat hierdie huise vroegtydig geïdentifiseer en teen uitwissing beskerm moet word.

Straatfasades

'n Stad se mees visuele en kenbare getuie is sy geskiedenis is sekerlik sy geboue. Dikwels kom sulke geboue, wat 'n bepaalde historiese styl reflekteer, in groepe voor, soos in die geval van 'n straatblok of straatfasade.

Dit is belangrik dat sulke uitgesoekte straatfasades vir die nageslag bewaar moet word. Indien slegs individuele huise of ander geboue bewaar word, kry 'n mens dikwels die verskynsel dat 'n ou historiese gebou deur 'n moderne beton-en-staalstruktuur wat langsaan gebou is, oorweldig word. Deur 'n straatfasade te bewaar kan die omringende atmosfeer, tuine, ens. ook bewaar word.

Terwyl daar waarskynlik nie meer straatfasades is wat suiwer Victoriaanse of Edwardiaanse style weerspieël nie, is daar egter nog enkele sodanige fasades wat latere style gedurende die eerste helfte van hierdie eeu weerspieël. Voorbeelde hiervan vind 'n mens vandag byvoorbeeld in Pretoria-Wes en Capitalpark, terwyl daar ook enkele ander gevalle is soos byvoorbeeld in Gerhard Moerdykstraat in New Muckleneuk en in Dequarweg.

In laasgenoemde geval is die klompie huise met dieselfde kenmerkende styl reeds tot historiese gedenkwaardighede verklaar. Verder is daar ook die pragtige voorbeeld van die aantal huise in die sogenaamde Sirkel op Salvokop wat reeds gerestoureer en bewaar is. Ongelukkig het die dubbelverdiepinghuise in dieselfde gebied reeds verdwyn. Hulle was van die enkele gevalle in Suid-Afrika waar die tipies Engelse dubbelverdiepingskakelhuise feitlik net so in Suid-Afrika oorgeplant is.

Die spoedige proklamerings van enkele straatfasades tot nasionale gedenkwaardighede is belangrik sodat hierdie fasades as *volledige* historiese fasades behou kan word voordat een of meer van die geboue moontlik intussen gesloop mag word.

Beskermdesones

Elke dorp of stad het sekere sones of gebiede wat beskerm moet word teen onbeplande veranderinge. Dit is bekend dat die beleid om sekere sones te beskerm al oor 'n baie lang tydperk in oorsese stede toegepas word. So word dit byvoorbeeld nie toegelaat dat nuwe moderne geboue tussen historiese geboue opgerig mag word nie. Op hierdie wyse word sekere historiese gedeeltes van stede beskerm, sodat dit in hul geheel bewaar kan word. In Pretoria moes hierdie beleid al lank gelede op Kerkplein en sy onmiddellike omgewing toegepas gewees het. Vandag staan twee moderne toringblokke tussen die ou historiese geboue op Kerkplein. Na deeglike ondersoek kan vasgestel word dat daar moontlik ander sones in Pretoria is wat ook byvoorbaat reeds beskerm moet word.

Pleine

Twee pleine in Pretoria adem 'n historiese atmosfeer en moet as sodanig bewaar word. Dit is naamlik Kerkplein en Stasieplein. Oor Kerkplein is al baie, baie geskryf en gesê.

Stasieplein

Wat Stasieplein betref, kan genoem word dat die bekende Victoriahotel met sy pragtige Victoriaanse styl feitlik deel van die Stasiepleinomgewing geword het. Dit sal jammer wees as hierdie gebou eendag moet plek maak vir 'n moderne kantoorgebou of iets dergelyks. Gelukkig is die ou Boekhouersgeboutjie aan die oostekant van Stasieplein reeds tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar en vorm dit vandag 'n belangrike deel van die historiese omgewing om Stasieplein.

Krugerplein

Verder beskik Pretoria oor Strydomplein en Verwoerdplein aan die oostekant en Krugerplein aan die westekant van Kerkplein. Krugerplein bestaan uit die twee straatblokke waarop die Krugerhuis en die ou Gereformeerde Kerk (ook genoem die Krugerkerk) onderskeidelik staan. Die twee genoemde geboue behoort die kern van die Krugerpleinontwikkeling te vorm.

Dié plein kan uiteindelik 'n kultuurakker word wat nie alleen tot verlewending, verfraaiing en opheffing van hierdie deel van die stad sal dien nie, maar wat uiteindelik ook dié besoekers- en toeriste-aantrekkingskrag in die middestad kan word.

Benewens die feit dat die Krugerhuis en die Krugerkerk behou gaan word, is dit ook reeds goedgekeur dat 'n museum vir die Swart Kulture in die pragtige ou Bantoesakekommissarisgebou wat langs die Krugerhuis staan, ontwikkel gaan word en dat 'n nuwe gebou vir die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum op dieselfde straatblok opgerig gaan word - dus drie museums in dieselfde straatblok. Terloops: Rondom die 'Mall' in Washington is sewe museums en hierdie museums wat saam die Smithsonian Institute vorm, het die hoogste besoeksyfer van alle museums in die wêreld.

Ander komponente wat moontlik vir Krugerplein oorweeg kan word, is 'n Pretoria-museum - wat 'n groot leemte in Pretoria met sy ryk geskiedenis is -, 'n Kruger-gedenksuil, 'n Z.A.R.-gedenktuin, 'n amfiteater en fees-terrein, 'n ouditorium, konferensielokale, 'n tuinrestaurant, ens.

'n Kompetisie vir argitekte behoort uitgeskryf te word ten einde die bes moontlike ontwikkeling van Krugerplein te verseker.

Boulevards

'n Lang boulevard wat vanaf Krugerplein oor Kerkplein tot by Strydomplein en Verwoerdplein loop, sal 'n ideale ontwikkeling in Pretoria wees. Met die nodige beplanning kan verseker word dat sekere historiese elemente in hierdie boulevards bevestig sal word om sodoende te harmonieer met bepaalde



ERASMUSKASTEEL

Een van die besondere huise in Pretoria.

Dit is 'n bekende landmerk langs die oostelike verbypad. Die huis het op 'n stadium ook gevaar geloop om gesloop te word teneinde plek te maak vir 'n hospitaal. Uiteindelik is die behoud daarvan ook verseker.

Foto: NASKO, Pretoria

historiese komponente in die onmiddellike omgewing. Byvoorbeeld: Dié gedeeltes in die omgewing van Kerkplein moet 'n historiese aksent hê, terwyl die dele langs moderne geboue, soos byvoorbeeld die Poyntonsgebou 'n moderne karakter moet hê.

Slopingbeheer

Ten einde al die reeds genoemde oogmerke met betrekking tot die bewaring van bestaande geboue te kan verwesenlik, is dit nodig dat daar een of ander vorm van beheer oor die sloping van geboue in Pretoria sal moet wees. Dit sal daarop neerkom dat niemand willekeurig sekere geboue sal mag sloop nie. Riglyne moet byvoorbeeld deur die Bewaringsraad neergelê word met betrekking tot die sloping van geboue en die nodige maatreëls moet toegepas word om te voorkom dat waardevolle historiese geboue moontlik van die toneel mag verdwyn. 'n Waghondmeganisme kan byvoorbeeld deur die voorgestelde Bewaringskomitee daargestel word om aansoeke om sloping van geboue te oorweeg ten einde vas te stel of daar moontlik gevalle is waar die betrokke gebou of geboue bewaar behoort te word.


BEWARINGSREGISTER

In verskeie oorsese lande bestaan 'n nasionale bewaringsregister wat geboue bevat wat op een of ander wyse beskerm en bewaar word. In Suid-Afrika is daar nog nie so iets nie. In die afwesigheid van 'n nasionale register van bewarenswaardige geboue behoort elke stad, so ook Pretoria, 'n register te hê waarin die geboue wat bewaar behoort te word, opgeneem is. So 'n register kan na 'n grondige ondersoek opgestel word en kan van tyd tot tyd aangevul word. Dit sal voorkom dat die bewaring van ou geboue op 'n ad hoc- of lukraakbasis beskerm sal word.

In die eerste plek is dit nodig dat geboue en plekke wat as bewarenswaardig beskou word, *geïdentifiseer* word. Hiervoor kan kundige persone en instansies ingespan word. Tweedens moet sodanige geboue en plekke *geklassifiseer* word in verskeie kategorieë. Daar kan byvoorbeeld drie kategorieë vasgestel word. Die eerste kategorie kan voorsiening maak vir geboue wat nooit gesloop mag word nie. Daar is talle voorbeelde van sulke geboue in Pretoria. Dit is geboue wat in elk geval ook in aanmerking behoort te kom om as historiese gedenkwaardighede verklaar te word. 'n Tweede kategorie kan voorsiening maak vir geboue wat nie gesloop mag word alvorens die betrokke gevalle deur die Bewaringsraad behandel is nie. 'n Derde kategorie kan voorsiening maak vir geboue (wat in kategorie 1 ressorteer) waarvan die onmiddellike omgewing ook beskerm moet word. Dit sou daarop neerkom dat geboue in die onmiddellike omgewing nie gesloop mag word en dat moderne geboue nie opgerig mag word alvorens hierdie gevalle nie vooraf deur die Bewaringsraad behandel is nie.

Indien alle munisipale owerhede plaaslike bewaringsregisters sou opstel, kan dit lei tot die daarstelling van 'n *nasionale* register van bewarenswaardige geboue en plekke.


Sekere administratiewe prosedures moet in werking gestel word waar-



DOORS ERASMUS-HUIS

Van hierdie twee foto's wys die boonste hoedat Doors Erasmus se huis, net noord van die Wonderboom (in die agtergrond) oorspronklik gelyk het, en ho en die onderste hoe dit tot onlangs nog daar uitgesien het. Hierdie tadium mid. huis het hom op 'n stadium midde in 'n motorskrotwerf bevind. 2 huis Tydige ingryping het verhoed dat die huis verlore gaan en verseker dat dit vir die nageslag bewaar kan word.

Foto: NASKO, Pretoria



volgens die bepalings en implikasies van die stadsregister in werking gestel kan word. Dit sal verseker dat die nodige beskermingsmaatreëls op 'n vaste en sistematiese wyse toegepas word.

Voorsiening sal ook gemaak moet word om sekere aansporingsmaatreëls te skep wat veral private eienaars sal aanmoedig en selfs vergoed om bewarenswaardige geboue te bewaar. Bystand kan byvoorbeeld verleen word in verband met die restourasie van geboue, terwyl belastingtoegewings byvoorbeeld gemaak kan word in die geval waar 'n bepaalde gebou nie gesloop mag word om deur 'n groter en winsgewender gebou vervang te word nie. Ten slotte sal daar ook voorsiening gemaak moet word vir sekere arbitrasie-reëlings in gevalle waar daar 'n dispuut mag ontstaan in verband met die bewaring of sloping van geboue. Dit sal aan die eienaars van bepaalde eiendomme die versekering gee dat hulle gevalle op 'n regverdige en billike wyse behandel word.

BESOEKERSPLAN

Inligtingskiosks

Pretoria se inligtingsentrum is tans in Munitoria gevestig. Behalwe hierdie enkele inligtingskantoor is daar geen ander soortgelyke inligtingspunte in Pretoria nie. Terwyl die bestaande inligtingskantoor vir sekere doeleindes doeltreffend is, is dit ongelukkig op so 'n plek geleë dat dit nie maklik vir toeriste toeganklik is nie. Die ideale toedrag van sake sou wees dat daar ook op Kerkplein, by die Spoorwegstasie, by Strydomplein (of Verwoerdplein) en later ook by Krugerplein inligtingskiosks sal wees. Hierdie kiosks hoef nie noodwendig deur persone beman te word nie. Dit kan so beplan word dat dit met behulp van kaarte en ander hulpmiddels die mees noodsaaklike inligting aan besoekers van buite Pretoria kan verskaf. Inligtingspamflette kan ook by die kiosks beskikbaar gestel word.

Inligtingslektuur

Inligtingslektuur oor Pretoria behoort inligting in verband met al Pretoria se besienswaardighede te bevat. Dit sal onder andere ook historiese besienswaardighede insluit met 'n kort beskrywing of opsomming van elk. Die verskillende besienswaardighede moet ook op 'n geskikte kaart van Pretoria aangedui word. Voorsiening moet ook gemaak word vir die aanduiding van bepaalde historiese roetes waarop historiese besienswaardighede voorkom. Daar moet ook 'n aanduiding wees van welke vervoer vir die besoek van die verskillende besienswaardige plekke beskikbaar is.

Indien Pretoria so ver sou kom om self meer waarde aan sy historiese geboue en plekke te heg, kan hy ook met groot vrug van hierdie geboue en plekke gebruik maak om dit as besoekers- of toeriste-aantreklikhede te ontwikkel. 'n Mens kry ongelukkig die indruk dat hierdie aspek van Pretoria se besienswaardighede te veel afgeskeep word. Pretoria is 'n stad met 'n ryk geskiedenis wat vanaf 1855 dateer. Boonop was Pretoria vir baie jare lank die setel van die Z.A.R. en is hy vandag ook nog die administratiewe hoofstad van die Republiek.

Vollediger inligtingslektuur, meer inligtingspunte en beter samewerking met toerisme-organisasies sal daartoe bydra dat Pretoria hierdie tot nog toe onbenutte bate - sy geskiedenis - beter kan benut.

Skakeling met toerisme-organisasies

Toerisme-organisasies moet doelbewus deur die Stadsraad op die hoogte gehou word met betrekking tot besienswaardighede en bewaringsaktiwiteite in die stad.

Van tyd tot tyd ontstaan daar nuwe besienswaardighede na aanleiding van ou geboue wat gerestoureer is of wat weer herbenut word, of bepaalde bewaringsaksies wat geloods word, nuwe museums wat gevestig word, ens. Die Stadsraad moet nie alleen sy inligtingslektuur hierby aanpas nie, maar moet hierdie gevalle op 'n sistematiese wyse aan toerisme-organisasies bekend maak.

Waar omstandighede dit moontlik maak, moet vaste reëlins getref word met betrekking tot bepaalde toere en toeriste-aktiwiteite in die stad. Toerisme-organisasies en/of vervoerorganisasies kan aangemoedig word om vaste toeristeroetes te ontwikkel en vervoer ten opsigte daarvan op 'n vaste basis te voorsien. Sodoende kan die besoeker of toeris wanneer hy een van die inligtingspunte in die stad besoek, dadelik op die hoogte kom van welke besoekpunte oorweeg kan word.

Deur noue samewerking met toerisme-organisasies kan insette ook van genoemde organisasies ontvang word met betrekking tot die uitbreiding van Pretoria se besienswaardighede en die voorsiening van die nodige dienste, soos byvoorbeeld vervoer, in verband met sodanige besienswaardige plekke.

Historiese roetes in die stad

Soos reeds genoem, is dit noodsaaklik dat Pretoria se besienswaardighede - in hierdie geval historiese besienswaardighede - geïdentifiseer moet word. 'n Verdere belangrike stap is dat hierdie besienswaardige plekke op een of ander wyse gemerk of uitgewys moet word. Dit gebeur so maklik dat 'n persoon verby 'n belangrike historiese plek stap sonder dat hy bewus is van wat die plek is of wat die geskiedenis in verband met die besondere plek is. Geboue wat tot historiese gedenkwaardigheid verklaar is, word deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se metaalplaket geïdentifiseer. Tog is daar baie ander historiese geboue en plekke wat ook op een of ander wyse gemerk moet word. Dit sou byvoorbeeld goed wees indien die Stadsraad van Pretoria een of ander soort van plaket sal ontwerp wat vir sodanige plekke gebruik kan word. Selfs in gevalle waar daar vandag moontlik 'n moderne gebou staan op 'n plek waar vroeër 'n baie belangrike historiese gebou gestaan het, behoort 'n plaket aangebring te word wat aandui welke historiese gebou vroeër op die spesifieke plek gestaan het. Daar is talle sulke gevalle in Pretoria. 'n Voorbeeld hiervan is die gebou van Federal Insurance wat staan op die plek waar president Burgers se huis vroeër gestaan het. Die eienaars van die bepaalde gebou het dit goëdgedink om erkenning aan die historiese agtergrond van dié plek te gee deur foto's en inligting in die portaal van die gebou te verskaf. Dit is

bepaald 'n prysenswaardige voorbeeld. Hierdie voorbeeld kan gerus ook, met aanmoediging van die Stadsraad, nagevolg word in ander gevalle waar moderne geboue vandag op plekke staan wat 'n bepaalde plekkie in die geskiedenis het.

Daar is met groot blydschap verneem dat die Pretoriase Stadsraad onlangs goedgekeur het dat historiese roetes in Pretoria ingestel gaan word.

Die goedgekeurde historiese roetes in die stad kan in die toepaslike inligtingslektuur bekendgestel word sodat die besoeker sal weet welke roetes hy kan volg en welke besienswaardighede langs hierdie roetes besigtig kan word. Dit is natuurlik noodsaaklik dat in hierdie gevalle die besondere historiese besienswaardighede duidelik geïdentifiseer of gemerk sal word. Roetekaarte met aanduiding van die plekke wat besigtig kan word en wat ook inligting aangaande die plekke verskaf, sal die ideale hulpmiddel vir die besoeker wees.

Na gelang van die ligging en afstande tussen besienswaardige plekke kan vasgestel word of dit op stap- of busroetes geplaas sal word. In die geval van busroetes kan daar op een of ander wyse, byvoorbeeld deur middel van minibussies, desnoods met bypassende bandkommentaar, die nodige vervoer verskaf word. Alternatiewelik kan reëlings met toerisme-organisasies getref word om hierdie historiese roetes in hul toeristeprogramme in te sluit.

Historiese roetes buite die stad

In al vier die windrigtings rondom Pretoria is daar soveel plekke met historiese betekenis dat daar gerieflik sekere historiese roetes ontwikkel kan word wat verskeie van hierdie plekke vir die toeris toeganklik sal maak.

Voorbeelde van sulke roetes is die volgende:

Oos:

Die roete kan begin by die Pioniersopelugmuseum in Silverton waar die ou Pioniershuisie uit die jaar 1848 dateer, sewe jaar voordat Pretoria uitgelê is. Die volgende besoekpunt is die Sammy Marks-huis langs die Pienaarsrivier. Die reusegroot herehuis van wyle Sammy Marks staan vandag nog ongeskonde met al sy meubels en ander huishoudelike voorwerpe in. Daarvandaan volg die roete tot by die Wolmaranshuis, een van die mooiste Victoriaanse herehuise op die platteland. Hierdie huis is geleë teen die hange van die Magaliesberg en bied 'n uitsig tot by Pretoria. Net om die draai is die Donkerhoekslagveld waar die botsing tussen genl. Botha en sy kommando's en lord Roberts plaasgevind het. 'n Klein entjie daarvandaan is die Premiërmyn en Willem Prinsloo-landboumuseum. By laasgenoemde is die ou plaasopstal wat in 1882 gebou is, bewaar asook al die buitegeboue en die historiese werf.

Suid:

Die eerste besoekpunt is die Voortrekkermonument en -museum. Dan volg die Erasmuskasteel by Erasmusrand. Hiervandaan kan die toeris beweeg in die rigting van Irene waar die kampkerkhof, die Jansenhuis (die huis van wyle dr. E.G. Jansen, voormalige goewerneur-generaal en sy eggenote), asook die Smutshuis is. 'n Klein entjie hiervandaan is die bekende Rooihuiskraal waar 'n slag tydens die Eerste Vryheidsoorlog plaasgevind het en die oorspronklike geboutjies vandag nog staan.

Wes:

Die Pioniershuisie by Hornsnek kan die eerste besoekpunt wees. Hierdie huisie is gebou in die veertigerjare van die vorige eeu. Die ander buitegeboutjies en die omringende werf het baie goed bewaar gebly en vorm een van die beste voorbeelde van die vroeëre pionierswonings in Transvaal. Ander besienswaardige plekke is Silkaatsnek, Gustav Preller se huis, Pretoriusbegraafplaas (waar Bart Pretorius, broer van Andries Pretorius begrawe is) en die laaste besoekpunt kan die Nasionale Opelugmuseum digby die Hartebeespoortdam wees. Hierdie Museum sal uiteindelik verskeie historiese komponente en besienswaardighede bevat waaronder heelwat ou gerekonstrueerde historiese wonings van oor die hele land te sien sal wees.

Noord:

Die unieke argeologiese terrein by Wonderboom, teen die Magaliesberg, kan vir toeristedoeleindes ontwikkel word en sal 'n hoogs besienswaardige plek wees. Direk agter die berg kan die besoekers die Wonderboom, die Wonderboomfort en die pragtige gerestoureerde Doors Erasmushuis besoek.

In samewerking met toerisme-organisasies kan hierdie roetes in baie suksesvolle toeriste-aantreklikhede ontwikkel word.

By die keuse van besoekpunte op die bogenoemde historiese roetes is nie melding gemaak van natuurlike, tegnologiese, akademiese en ander besienswaardighede nie, slegs omdat dit nie hier ter sake is nie.

SLOT

Na sorgvuldige nadenke en navorsing sal dit blyk dat heelwat meer as wat hier vermeld is, gedoen kan word. Die noodkreet in hierdie stadium is dat ons nou *iets moet begin doen*.

**JAN F.E. CELLIERS IN BESETTE PRETORIA:
JUNIE-AUGUSTUS 1900**

deur A.G. Oberholster, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899 bevind die vier-en-dertigjarige Johannes Francois Elias Celliers hom in Pretoria waar hy as staatsbibliotekaris¹ werksaam was. Die later bekende Afrikaanse digter wat in daardie stadium met sy gesin 'n huis in Klein-Scheidingstraat (later Kotzestraat) 166² bewoon het, word op 28 Oktober 1899 vir krygsdiens opgeroep. Saam met 700 burgers van Pretoria en Johannesburg vertrek hy onder bevel van generaal Hendrik Schoeman na Norvalspont om die verdediging van die suidelike grens van die Oranje-Vrystaat te verstewig in die lig van Britse troepesametrekkings in die omgewing van De Aar, Noupoort en Stormberg.³

Die ineenstorting van die Boeremagte aan die westelike front met die oorgawe van generaal Piet Cronjé by Paardeberg op 27 Februarie 1900 het die verdedigers van die suidelike front, waar Celliers hom bevind het, in 'n onbenydenswaardige posisie geplaas. Toe dit duidelik word dat hulle gevaar loop om afgesny te word, begin hierdie magte om terug te val deur die suidelike, suidoostelike en oostelike dele van die Vrystaat. Celliers word ook met die vlugtrek, wat mens en dier tot die uiterste sou beproef, meegesleur. Tot twee maal per nag word ingespan en uitgespan. Die trekdiere wat nie die moordende pas kon volhou nie, word langs die trekpad uitgespan en aan hul lot oorgelaat;'daar stonden ze, roerloos met half gesloten oogen en zelfs niet in staat om een mondvul gras te eten'⁴

Bloemfontein word op 13 Maart 1900 sonder noemenswaardige teenstand deur lord Roberts ingeneem nadat die Vrystaatse regering die stad ontruim het. Talle burgers word voorlopig huis toe gestuur met die gedagte dat hulle later sou hergroepeer, maar daarvan kom uiteindelik nie veel tereg nie. Sonder dat Celliers dit in daardie stadium beseft het, was hy en sy makkers in 'n wedloop met die Britse magte gewikkel om Pretoria, die setel van die Transvaalse regering, eerste te bereik.

Celliers en sy makkers bereik Pretoria op 29 Mei 1900, 'n dag nadat president S.J.P. Kruger en die meeste van sy amptenare die stad ontruim het om te voorkom dat die regering in Britse hande val. Hulle tref die stad in wanorde aan, want duisende uitgeputte burgers stroom die stad binne maar word in die duister gelaat oor wat hulle te doen staan. 'No one knew what to do,' skryf Johanna Brandt later, 'there was no one in command...'⁵ Hoewel dit nie heeltemal so erg daaraan toegegaan het nie, moes dit die gevoel van die gemiddelde burger gewees het terwyl hy reddeloos deur die strate strompel.

Celliers self kry toestemming om huis toe te gaan in afwagting van nadere opdragte. Dit sou sy lot vir die volgende drie maande verseël, want in die dramatiese daaropvolgende dae ontvang hy geen opdragte nie.⁶

Generaal Louis Botha het intussen in die afwesigheid van president Kruger en in sy hoedanigheid as waarnemende kommandant-generaal verantwoordelikheid vir die veiligheid en verdediging van die stad aanvaar. Sy hande was egter grootliks vasgebind: die forte Schanskop en Klapperkop wat in 1897

aan die suidekant van Pretoria opgerig is as deel van die stad se verdedigings-netwerk, was nutteloos omdat die geskut blykbaar lank tevore reeds daaruit verwyder is om te velde aangewend te word.⁷

Op 4 Junie 1900 word 'n laaste flou poging aangewend om die vyand met die gedemoraliseerde en swak toegeruste burgers wat hulle nog in die stad bevind het, terug te hou. Lord Roberts, toe reeds seker van sy saak, stuur 'n boodskap aan generaal Botha waarin hy die onvoorwaardelike oorgawe van Pretoria eis. Die Boereleiers in Pretoria vra Roberts om 'n wapenstilstand sodat die vroue, kinders en nie-vegtendes die stad kan verlaat. Toe Roberts weier, is Botha verplig om sy burgers na Eerste Fabrieken, oos van Pretoria, te laat terugtrek.⁸

Aangesien die besluit om Pretoria militêr te ontruim eers in die vroeë oggendure van 5 Junie geneem is, is baie burgers, insluitende Celliers, daardeur onkant betrap. Toe dit tot hom deurdring wat aan die gang was, was die Engelse reeds besig om die stad in te neem. Onseker van wat om te doen, verspeel hy sy kans om uit die stad te ontsnap.⁹ In die daaropvolgende dae word die stad deur die Engelse beset en stel die owerhede maatreëls in wat bewegingsvryheid in en uit die stad erg aan bande lê.

Aanvanklik was dit nie vir Celliers nodig om wegkruipertjie te speel nie. Dit is waarskynlik dat hy vrylik in die strate kon rondbeweeg. Omdat hy Engels goed kon praat en soms as 'n Engelsman aangesien is, het hy selfs tussen die Britse soldate rondbeweeg. Toe dit egter vir alle Pretorianers verpligtend gemaak is om die eed van trou en neutraliteit af te lê - waarvoor hy nie kans gesien het nie - was hy verplig om hom in sy huis in Klein-Scheidingstraat terug te trek.¹⁰

Celliers se selfopgelegde huisarres het hoë eise aan hom en sy gesin gestel. Sy vrou Susie ('n nooi Dürr met wie hy op 6 Desember 1894 getroud is) en haar suster was gedurig op die uitkyk om te voorkom dat hy deur onverwagte besoekers verras word. Niemand kon vertrou word nie, want die gevaar het altyd bestaan dat van hulle Afrikaner-'vriende' inligting aan die Britse owerheid kon oordra. Wanneer besoekers wel opgedaag het en dit vir hom onveilig was om in die huis te bly, het hy deur 'n luik in die vloer geglip en daar geskuil totdat die gevaar verby was.¹¹ Die luik wat tans in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum in Bloemfontein bewaar word, dra die volgende inskripsie deur Celliers gedateer en onderteken: Hier het ek weggekruip / Augustus 1900 / Jan F.E. Celliers.¹²

Met sy twee klein kindertjies, die vierjarige Marietjie (Maria Elizabeth) en die tweejarige Boetie (Johannes Francois), in die huis was dit 'n wesenlike probleem om Celliers se teenwoordigheid geheim te hou. Omdat hulle hul vader onwetend kon verrai, moes hulle weggehou word van die bure se kinders. Hulle het dit gevolglik wenslik geag om die twee kinders van tyd tot tyd vir 'n paar dae by betroubare persone te laat bly.¹³

Celliers het egter besef dat hy hom nie onbepaald kon skuilhou nie. Die voortdurende waaksaamheid het liggaamlike en geestelike spanning meegebring wat op die lange duur ondraaglik sou word. Om te vergoed vir die daglange stilte, het hy snags uit die huis geglip om tussen die bome liggaams-oefeninge te doen.¹⁴ Intussen is allerlei planne beraam om hom uit die stad te help ontsnap om by die Boerekommando's aan te sluit. Hulle sou egter die hulp van betroubare vriende moes inroep om 'n ontsnapingsplan uit te werk en deur te voer. Celliers het hom dikwels in vroueklere vermom wanneer

hy in sy agterplaas moes rondbeweeg. By geleentheid moes hy die rol van sy vrou se siek vriendin speel om dit vir 'n nuwe bediende weg te steek dat daar 'n man in die huis is. Dit is dus nie verbasend nie dat sy vertrouelinge besluit het om hom soos 'n vrou vormom, uit die stad te laat ontsnap. Al waarvoor hulle gewag het, was die geskikte geleentheid.¹⁵

Boerefamilies wat in die omgewing van Pretoria gewoon het, het permitte van die Britse owerheid ontvang om die stad by geleentheid binne te kom en te verlaat. Op 12 Augustus het 'n besoekster by die Cellierswoning opgedaag met die boodskap dat alles gereël is. As hy bereid is om plekke om te ruil met mejuffrou Margaretha Magdalena Malan, die dogter van David Malan van die plaas Hartebeesthoek, net noord van Pretoria, kan sy ontsnapping bewerkstellig word.¹⁶

Celliers het geen keuse gehad nie en het verlangend vir die boodskap gewag dat die dag van sy ontsnapping moes aanbreek. Op 24 Augustus 1900 het hy berig van mevrou Joubert, die weduwee van generaal Piet Joubert, ontvang dat die wa in die stad is en dat hy gereed moes maak om binne ure te vertrek. Toe hy eenmaal besluit het om met die ontsnappingsplan voort te gaan, moes hulle vinnig optree. Hy het sy gesig glad geskeer en toe van sy vrou se klere aangetrek. Sy kort hare het hy verberg met 'n mantel met 'n hoë kraag en 'n strooihoek met 'n swaar swart sluier.

Mev. Hendrina Malan, 'n dogter van wyle generaal Piet Joubert en die eggenote van Abraham Malan, die jongste broer van David Malan van Hartebeesthoek, het hom tuis in 'n rytuig opgelaai. Hulle het in 'n westelike rigting met Kerkstraat op oor Arcadiabrug (tans bekend as Leeubrug) na die pastorie van ds. H.S. Bosman in Kochstraat (tans Bosmanstraat 89) gery waar die wa vir hulle gewag het. Op die wa was twee seuns, die broers van die dame wie se plek hy ingeneem het, en 'n jong Swartman. Op sy vraag of hy darem na hulle suster lyk, kry hy die ontmoedigende reaksie: 'Nee, glad nie!'

Hulle gaan die Apiesrivier by Hovesdrift deur.¹⁷ Hovesdrift was 'n drif in die Apiesrivier ongeveer waar die rivier en die Prinsloostraatverlenging wat die middestad van Pretoria met die huidige H.F. Verwoerd-hospitaal verbind, mekaar kruis.¹⁸ Langs die pad was 'n Britse kamp en heelwat soldate het op en langs die pad beweeg, wat uit die aard van die saak die spanning aansienlik verhoog het. Die eerste van twee wagposte was by Eloffsplantasie in die omgewing van die huidige Capitalpark. Celliers toon die pas en word toegelaat om verder te reis. Die tweede en laaste wagpos is ongeveer ses kilometer verder in Wonderboompoort en ook hier verloop alles vlot. Uiteindelik is hy vry.

Teen sononder bereik hulle die plaas Hartebeesthoek, maar Celliers moet ter wille van die bediendes steeds sy rol speel. Die plaasmense het die eed van neutraliteit afgelê en as hulle aandeel aan die ontsnapping rugbaar sou word, kon dit vir hulle groot probleme veroorsaak.¹⁹

Celliers bring die nag op Hartebeesthoek deur, maar vroeg die volgende oggend vertrek hy in klere wat hy van die 'oom' gekry het om hom by 'n Boerekommando aan te sluit. Teen die middel van September 1900 bereik hy die kommando van kommandant C.P.S. Badenhorst wat onder die opperbevel van generaal J.H. de la Rey geveg het.²⁰

Een en twintig maande later is die vrede gesluit. Celliers bevind hom in daardie stadium in die omgewing van Doornkom, ongeveer 10 kilometer suidoos van die huidige Swaruggens. Hy self wil die gerugte dat hulle die wapens moet neerlé, nie aanvaar nie, totdat generaal De la Rey dit persoonlik

bevestig. Hy ervaar die nuus as 'n geweldige skok.....: 'Ik keer mij om van den generaal en sta een oogenblik als versteend, weenende, met een pijn in mijn hoofd, als van den bliksem getroffen'^{2 1}

Nadat al die formaliteite te velde afgehandel is, vertrek hy na Krugersdorp waar hy 'n trein na Pretoria haal. Hy het reeds by generaal De la Rey verneem dat dit nog goed gaan met sy familie. Tog wag daar vir hom 'n verrassing toe hy op 9 Junie Pretoria bereik: 'Bij het station vond ik niemand om mij af te halen ondanks een vooruitgezonden telegram dat zijn bestemming niet bereikt had. Alle rijtuigen waren genomen en weer nam ik mijn zak op schouder om als een vreemdeling door de straten van onze goede oude stad te lopen om de mijnen te zoeken'.^{2 2}

1. H.J. Aschenborn, *De staatsbibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek 1887-1900* (Pretoria, 1971), pp. 47 en 49.
2. Die huis is enkele jare gelede gesloop. Die Jan F.E. Celliers-woonstelblok wat op die terrein opgerig is, herinner egter nog aan die huis se vroeëre eienaar.
3. J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I : Die Boere-offensief Okt. - Nov. 1899* (Pretoria, 1969), pp. 437-438.
4. *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902* (geredigeer deur A.G. Oberholster) (Pretoria, 1978), p. 85.
5. *Ibid.*, p. 111; J. Brandt, *The petticoat commando or Boer women in secret service* (Londen, 1912), p.12.
6. *Oorlogsdagboek*, p. 111.
7. J. Ploeger en H.J. Botha, *The fortifications of Pretoria : Fort Klapperkop - yesterday and today* (Pretoria, 1968), p.67.
8. C.G.S. Sandberg, *Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed* (Amsterdam, 1943), pp. 313-317.
9. *Oorlogsdagboek*, pp. 111-112.
10. *Ibid.*, p. 113; vergelyk Brandt, *op. cit.*, p. 73.
11. *Oorlogsdagboek*, pp. 113-115.
12. Kyk die foto's in *ibid.*, p. 115.
13. *Ibid.*, p. 114.
14. *Ibid.*
15. *Ibid.*, pp. 114-117.
16. *Ibid.*, pp. 116-117.
17. *Ibid.*, pp. 120-121.
18. S.P. Engelbrecht e.a., *Pretoria (1855-1955) : geskiedenis van die stad Pretoria* (Pretoria, 1955), p. 268.
19. *Oorlogsdagboek*, pp. 121-125.
20. *Ibid.*, pp. 119 en 123-133.
21. *Ibid.*, pp. 383-384.
22. *Ibid.*, p. 385.



VICTORIA DRUKKERY PRETORIA